

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen
Broers**
(EDMS.) BPK.

Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In u lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVIII WOENSDAG, 8 AUGUSTUS 1973 Nr. 8

**CACHET
APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.

★
**DIE
STUDENTE-APTEEK**

Bantoe in Blankestede

PRIKKELENDE OPENHARTIGHEID was 'n kenmerk van die kongres van die Afrikaanse Studentebond by die Universiteit van Stellenbosch waar die toekoms van die Swart man in die stedelike gebiede in die besonder onder bespreking was. Dit het 'n hydrae gelewer tot die begrening van die, en ander, vraagstukke en om die wensdenkery dat 'n eenvoudige oplossing moontlik is, die nek in te slaan.

Wat belangriker is: die boodskap was ondubbelsinnig dat dit nie in die bevoegdheid van enige bepaalde groep is om 'n algehele oplossing te ontwerp nie. Suid-Afrika word deur baie volke bewoon, en elkeen is onafhanklik daarop geregtig om sy eie toekoms en sy betrekkinge met ander, te bepaal. Dit is die enigste manier om blywende welwillendheid te verseker — wat ookal die uiteindelijke gestalte sal wees waarop ooreengekom word. Afsonderlike ontwikkeling verskans die benadering, integrasie vernietig dit. Sodra daar met 'n beleid van integrasie begin word, word al die alternatiewe finaal afgeskryf.

DR. CONNIE MULDER
Die Minister van Inligting, dr. Connie Mulder, wat die kongres geopen het, het dit so gestel: "Ons pas afsonderlike ontwikkeling toe. Wanneer die verskillende volke vry is, kan hulle self kies of hulle wil integreer. 'n federasie wil vorm of ooreenkomstige wil aangaan. Ons gaan nie namens hulle besluit nie. Dit moet by hulle berus".
Dr. Muller het geen twyfel gelaat oor die kompleksiteit van die toekoms nie. "Ons", het hy gesê, "is feilbare mense wat sekerlik al foute in die verlede begaan het, en ons sal in die toekoms ook foute maak. Daar sal vrae by ons ontstaan, ons sal afkom op ernstige probleme met die stedelike Bantoes, en ons besef dat ons nie die finale antwoord op al die vraagstukke het nie."
Sy raad aan die studente was: "Ondersoek die vraagstukke wat Suid-Afrika in die gesig staar deeglik en met aandag."

Wees uiters krities, maar besef van die begin af dat julle nie sal kan omdraai en sê: "Miskien was integrasie die antwoord nie."

DR. JOOSTE.
Dr. C. J. Jooste, direkteur van Sabra se referaat het gehandel oor die Stedelike Bantoe in Perspektief. Hy het gesê dat die maksimum vestiging van Bantoes in hul tuislande 'n dringende aangeleentheid is, en dat daar geen eenvoudige of kitsoplossing vir die Stedelike Bantoevraagstukke is nie. In antwoord op 'n vraag, het hy gesê dat hy nooit kan en durf aanvaar dat die stedelike Bantoe permanent in Blanke Suid-Afrika moet bly nie. Hy is van mening dat die toestande in die tuislande so

aantreklik moontlik gemaak moet word sodat die Bantoe spontaan daarheen sal gaan. Tydens hierdie referaat is daar twee mosies ingedien.

PROF. WIECHERS.
Die Konstitusionele Posisie van die Stedelike Bantoe is deur prof. Wiechers bespreek. Hy is verbonde aan die regs fakulteit van die Universiteit van Suid-Afrika.
Prof. Wiechers het gesê dat as die besware teen die huidige opset nie vierkantig en sonder partypolitieke vooroordele en lojaliteit onder oë geneem word nie, dit kan gebeur dat die blankes volkome uit voeling raak met die werklikhede. Hy het gewaarsku dat geen staat met so 'n arsenaal van politieke oortreding en frustrasie kan voortgaan en hoop op vreedsame voortbestaan nie. Na die uiteensetting van die konstitusionele posisie van die Bantoe in die stede het hy gewys op die voor- en nadele van die huidige stelsel.

PROF. BOSHOF.
Prof. C. W. H. Boshoff, voorsitter van Sabra se referaat het oor die morele gronde van die beleid en sekere arbeidsverhoudinge gehandel. Hy het gesê dat die uitgangspunte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling op morele gronde en met welslae voor die Wêreldhof verdedig.
Dat die toepassing van hierdie beleid sy opoffering vir blanke sowel as nie-blank sal meebring, moet nie ontken word nie. Die einddoel kan alleen teen 'n prys behaal word. Grense sal getrek moet word op politieke, geografiese en ekonomiese gebied en selfs ongewilde beheermaatreëls




FOTO ONDER: Pieter Mulder, nuwe onder-president van die A.S.B. Foto: Fotokuns.



FOTO BO: Die A.S.B. Hoofbestuur tydens die jongres, v.l.n.r. Jasper Steyn, Sommy Morkel (sekr.), Leon Wessels (president), Piet Strauss en Leo van Schaik (add. lede). Foto: J. Stander.

is noodsaaklik in die tydperk van verandering. Individuele belange sal soms ondergeskik gemaak word en hele gemeenskappe kan selfs die prys betaal vir die oorheersende voordeel. Oor die terugstuur van Bantoes na hulle tuislande het prof. Boshoff gesê dat niks in die weg van die oprigting van stede in die tuislande behoort te staan nie. Die huisvesting in die blanke stedelike gebiede was tot dusver slegs noodhuisvesting en moet nou plekmaak vir 'n soort huisvesting wat beter pas by die ekonomiese groei wat die Bantoe self in die afgelope 25 jaar ondervind het.

H. P. MAREDI.
Mnr. H. P. Maredi, volksafgevaardigde van die Lebowa-gebiedsoowerheid, het die kongres toegesprek oor die Kultuurgebondeheid van die stedelike Bantoe en gesê dat dit nie soseer die beleid van afsonderlike ontwikkeling is as die toepassing daarvan deur amptenare wat die Bantoe in die Stedelike gebiede grief en tot bitterheid lei nie. Hy het ook die ontspannings en onderwys aspekte van die stedelike bantoe genoem. Hierdie uiteensetting van die toepassing van die verskillende wette en regulasies met betrekking tot die Bantoe se lewe in die stad het daartoe gelei dat twee mosies aanvaar is waarin gevra word dat die Regering die mense wat met Bantoes werk, versigtig moet kies.

„Die Bantoes glo ook nie meer die beloftes van die amp-

tenare nie. Mnr. Maredi het verwys na Bantoegebiede naby Pretoria wat verskeie kere vir

die Bantoes geproklameer is net om daarna weer blank geproklameer te word.

● Vervolg op bls. 3.

STUDENTEFRUSTRASIES

Studente is die pakesels van ons moderne samelewing se frustrasies. Vir die ondraagbaarheid van frustrasies bestaan daar duiende bewyse.

Neem nou maar byvoorbeeld die jong dosent wat die aand regop in die bad vol water staan. Terwyl hy sy lesing vir die volgende dag op 'n dinamiese wyse aan homself voordra en die tegniek van sy handgebare in 'n skeerspieltjie bestudeer, gly hy op die seep en val homself gebreklik teen die rand van die bad. Die volgende dag stort hy sy frustrasies op 'n onverantwoordelike wyse op die studente uit en wel in die vorm van referate.

In elke lesingsaal kan daar onderskeid gemaak word tussen die aktiewe lede wat aan klasbesprekings deelneem en die reisende passasiers na nêrens. Wat egter opvallend is, is dat die frustrasies gewoonlik die passasiers tref.

Dit is die periode net voor ete. Presies vyf minute voor een. Die passasiers is reeds besig om met allerlei instrumente unieke geluide voort te bring met die doel om die dosent tot sy sinne te bring. Dit is eettyd!

Skielik spring een van die aktiewe lede met akademiese doelgerigtheid op en vra 'n vraag wat die grootste kenner op die vakgebied sou laat sidder. Verbouereerd tas die dosent na 'n geleerde handboek en sy voorlesing duur tot drie minute oor een.

Aangevuur tot groter akademiese hoogtes spring 'n volgende aktiewe lid op en sy vraag oortref die vorige een nie net in omvang nie, maar ook in intelligensie.

Op hierdie stadium is die passasiers waansinnig. Die akademiese spitsvondigheid dryf hulle tot laster en rewolusie.

Angsbevange raadpleeg die dosent 'n volgende handboek. Onder luide toejuiging, soos tydens intervasity, sit hy sy voorlesing senuweeagtig voort.

Hierdie was dan ook 'n tipiese voorbeeld van frustrasie wat die minder-ambisieuse student tref.

In die plaaslike koerant verskyn 'n besielende berig oor hoe ongeluksyfers en die swak voorkomingsmaatreëls. Die verkeers hoof roep dadelik sy dissipels byeen en in 'n baie besielende toespraak stort hy sy frustrasies op hulle uit. Frustreerd jaag die verkeersmanne vanaf Noordbrug tot by Ikageng en maak met hul kennerse 'n studie van elke parkeermeter om daardeur die tragiese ongeluksyfer te tem. Honderde frustrasies word teen die ruite van studentemotors aangebring.

Maar daar is darem een troos. Intervarsity is naby en dan kan ons akademiese frustrasies weer op die samelewing afgeskud word.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE

. ONS KEN U BEHOEFTE

Die Bult Aptek

NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.)
Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

ASTER

PUK TERUG UIT BUITELAND

Die volgende onderhoud is met mej. Elizabeth Steyn, tans verbonde aan die Franse fakulteit, gevoer. Sy antwoord spontaan op al die nuuskierige vrae: **Juf. Steyn, u is Frankryk toe om presies wat daar te studeer?**

"Wel, by elke Universiteit is daar 'n Instituut waar onderrig gegee word aan studente wat die betrokke taal, in my geval Frans vir studente doseer wat Frans nie as 'n moedertaal het nie. U besef seker dat daar 'n hemelsbreë verskil is tussen die wyse waarop Frans vir uitlanders (of te wel Afrikaanssprekende studente doseer word, en die wyse waarop Franssprekende studente geleer word van hul eie moedertaal".

Hoe ver was u studies reeds gevorderd op die Puk?

"Ek was besig met my Honneurs-graad, maar omdat hul akademiese jaar in Oktober begin, moes ek my studies hier tydelik laat vaar. Indien moontlik wil ek probeer om dit nog hierdie jaar te voltooi, anders maar volgende jaar."

Hoe het dit gebeur dat u gegaan het?

"Ek het deur die Franse ambassade aansoek gedoen, en is toe eers goedgekeur deur die Franse regering."

Aan watter Universiteit het u studeer?

"Die universiteit van Montpellier in die suide van Frankryk."

Wat was u algemene indruk van die Franse student se godsdienste?

"Hulle godsdienste is geheel en al anders as ons s'n, omdat hulle myns insiens nie die voorreg gehad het om onderrig daarin te ontvang soos ons nie. Let wel die "hulle" van wie ek praat is die oorgrote meerderheid. Omdat hul ouers geen gelowiges was nie, en hulle nie byna gedwing is om kerk toe te gaan soos ons van kindsbeen gewoond is, het hulle geheel en al los geraak van alle religieuse begrippe. My per-

soonlike mening is dat die Katolieke Europeër (in die meerderheid) baie rasioneel is, en die Humanisme wat baie sterk aanwesig is in Europa aanvaar nie die rasionele sienings van sommige Katolieke nie.

"Vir die Protestante, wat maar 'n handjievol is, het ek geweldig baie respek. Hul erns en toewyding wat hul godsdienste betref, is verstommend."



Foto bo: Elizabeth Steyn.

Foto: Fotokuns.

"So kan ek sê dat daar geen "lou" gelowiges is, soos ons soms hier aantref nie, maar slegs een van die twee uiterstes waarvan ek u reeds vertel het. O ja, Sondae is natuurlik geen godsdienstige vakansiedag nie, geldend vir die oorgrote meerderheid."

Kleredrag van studente?

"Die dames is soms baie smaakvol geklee, maar die meerderheid is nie so netjies nie. Die mans egter is byna sonder uitsondering swak geklee en dit blyk duidelik uit watter nie somiges se grootste vriend is nie. Blou "jeans" en trui is algemene drag. Gedurende die somer is die kleren van die dames uiters

gewaagd en vergelyk pragtig met ons stranddrag. Skoene en houtklompe word meesal gedra en snaaks genoeg loop hulle nooit kaalvoet nie."

Vertel ons asseblief iets omtrent die sosiale lewe van die student?

"Absoluut individualisties en almal leef totaal bymekaar verby. Daar is geen studentelewe wat betref Karnaval of Intervarsity of geesvang, ens. nie. Ook geen gees tussen die koshuise nie, want niemand ken eers hulle gangmaats nie, wat nog te sê van koshuismaats!"

"Hulle het wel hul eie studentenaagklubs of te wel "Booms". Die drank hier is geweldig duur. Wat georganiseerde vermaak betref, is daar geen."

"Wat vir my baie oulik was, is dat elke koshuis 'n filmklub het en eenmaal per week word 'n baie goeie rolprent vertoon in die koshuiskafeteria. Verder is daar 'n televisiekamer waar ook bv. tafeltennis gespeel word."

Besit hulle nog enige sedes en 'n moraal?

"Nee, daar is sterk 'n sedelike en morele verval onder die studente. Indien 'n ou en aster redelik sterk sleep, word algemeen aanvaar dat hulle saambly. Meisies gaan ook dikwels na die studentenaagklubs om mans daar op te tel, en indien jy alleen soontoe gaan, word jy as so 'n tipe aster beskou."

"Geen deur word vir 'n aster oopgemaak nie; daar word ook nooit terugstaan vir haar nie — eerder sal almal bondel om eerste uit te gaan. Daar is absoluut geen hofflikheid van die mans se kant nie, wat miskien toegeskryf kan word aan die emancipasie van die vrou in Europa."

"In die koshuis bly my kamerdeur altyd gesluit, want mans kom en gaan soos hulle wil. By elke koshuis is 'n nagwal by die ingang, maar ons koshuis het 'n gat in die heining gehad. Soms gebruik hulle geweld om in te kom, so erg dat 'n deur byna een nag afgeruk is."

Tree die owerhede op teen sulke studente?

"Daar is gewoonlik nooit klagtes nie, want die studente verkies dit so. Mens word alleen geskors wanneer jy jou medemens te na kom, bv. steel, en as jy iemand in jou kamer herberg — want daardie persoon betaal dan geen losies nie. Reëls is egter daar om oortree te word, wat terdeë ook gedoen word."

Watter idee het u van die Franse student as persoon gekry?

"Die studente is gewoonlik 'n jaar of twee ouer as ons eerstejaars, maar afgesien daarvan is hulle baie ernstiger as ons. Dit het my verstom om te hoor hoe volwasse 'n eerstejaar se insig is oor verskillende aspekte van die lewe, bv. godsdienste of politiek. Oor die algemeen is hul denke baie meer selfstandig en openbaar hulle 'n groter lewenserns. Tog bly hulle jong mense met dieselfde basiese probleme as ons, en afgesien van botsende lewensbeskouings, bly hulle altyd vriendelik en hulpvaardig."

Wat was hulle reaksie om te hoor u is van Suid-Afrika?

"Wat ons studentelewe betref, beny hulle ons, ons groepsgees en aksies. Hulle dink natuurlik dat ons nagtelike serenades opwindend en romanties is. Hulle erken ook almal dat groepsgees 'n groot gemis by hulle is."

"Hul reaksie op die feit dat ek uit Suid-Afrika kom? Lagwekkend! "Watter land is S.A.?" Dit bewys dat hulle uiters oningelig is oor S.A. Ander wat egter meer weet, veroordeel jou nooit as persoon nie, want hulle staan self krities teenoor hul eie regering. By hulle is geen rasse-skeiding en so sien hulle ons as "rassies". Hulle begryp egter

Vervolg op bladsy 3



My Hare, My Kroon

Dames, asters, rabbedoes: dis Augustusmaand en die wind waai buite. Elke tweede een van ons is 'n senuweewrak teen die tyd wat ons soggens eindelijk die klas haal — 'n bese siklus dag vir dag, die worstelstryd teen wind; om waardigheid.

Nou is dit net vasbyt voordat die lente een wonderlike, stil dag vir almal oopbloom.

Daarom is dit belangrik om juis nou nie jou hare te verwaarloos nie. Blaai maar enige glanstydskrif oop en die nuwe "kortkoppies" vang die oog. Is dit nie 'n heerlike uitkoms nie? Maar gewis nie vir almal nie!

Gesonde, skoon hare, al is dit nou ook verwaaid, bly tog steeds enige vrou se kroon, se trots. Versorg dit deur gereeld te borsel, ten minste elke aand en, wanneer dit gewas moet word, onthou om sjampoo nooit direk op jou hare te spuit nie; vryf eers die vloeistof tot skuim tussen jou hande. Moenie on-

nodig met 'n handdoek droogvryf nie, want dit veroorsaak gebreke en onbeheerbare hare. — borsel liever droog in die son.


'n Groot, groot moenie: moenie jou hare meer as een keer in week was nie, dit stimuleer die olieklere onder jou kopvel en die gevolg is vetterige hare. Probeer lievers die volgende vir daardie belangrike afspraak: Draai hare op gewone manier in, maar spuit stringetjie vir stringetjie, bietjie-bietjie, met goeie haarspuitmiddel. Borsel na 'n uur of wat uit en jou hare is so goed soos nuut!

Droë, stofgewaade hare kort vitamien en wat is beter as die ou boeremanier van eier-oopbreek. Jy kan gerus ook bier probeer vir afwisseling en die nuutjie daaraan verbonde — spoel net deeglik af daarna.

Dus, Aster, jy hoef glad nie so vreeslik te sug as die wind jou spieëlprentjie omver stoot nie; blink, losgewaade hare lyk soos heerlik aantreklik.

HERA

Net voor die winter reg-reg verby is, gou 'n heerlike warm slaai:



Bottergebraaide Komkommer:

3 groot vars komkommers. Water met sout en peper na smaak.

1 teel. suurlemoen of asyn.

1 teel. suiker.

4 eetl. botter.

Varsgemaalde peper.

Sny komkommers met skil in 1 cm skywe. Bring 'n klein bietjie water met sout daarin tot kookpunt, voeg suurlemoen-sap en suiker by. Sit komkommerskywe by. Kook tot komkommer sag en die water weggekook is — sowat 5 min. Voeg botter by komkommerskywe en laat aan albei kante ligbruin braai. Skep uit en maal swart peper oor.

DAMESAKSIE

Hou moed dames; die behoefte wat lankal by elkeen van ons ontslaan het om 'n spreekbuis net vir ons, die dames van die Puk, te sien, gaan dalk nou gou tot vervulling kom.

Hierdie is slegs 'n voorlopige aankondiging van die moontlike stigting van 'n damesvereniging — op later datum sal meer besonderhede verstrek word.

Ons kan miskien net noem dat die S.R. 'n kommissie aangewys het om ondersoek in te stel na die belangstelling wat daar by dames bestaan vir die stigting van so 'n vereniging.

Groot dinge word beoog om elke dame te betrek: mode-

parades, besprekings-aande, lesings en demonstrasies deur gespesialiseerde persone. Miskien selfs insiggewende lesings betreffende sake van algemene belang in ons tyd: fisiese en geestelike weerbaarheid. En, deur middel van die damesaksie sal ons damesblad ookamp-telik behartig word.

'n Damesbestuur, wat gekies word uit die verteenwoordigers van onderskeie koshuise, sal vanaf September aan die stuur van sake staan.



CACHET MODES

DIE DAMESWINKEL BIED U

SOMERMODES WINTERMODES ONDERKLERE BROEKKOUSE

TOM STRAAT 94

A.S.B. — Kongres

● Vervolg van bladsy 1.

meer te word pas nadat die Bantoes daar gevestig geraak het. Die Bantoes word verseker dat hul regte en voorregte nie in die nuwe gebied aangetas sal word nie. "Maar wat het gebeur met ons mense wat na Ga-Rankawa, Mobapane, Winterfeld en Tempa verskuif is? Hul moedertaalonderwys is oornag weggehaal en daarmee is een van die bindende faktore van 'n volk se kultuur afgesny."

Doenderdagaand is die nuwe president en onder-president van die A.S.B.-kongres gekies. mnr. Piet Strauss van U.O.V.S. en Pieter Mulder van P.U. vir C.H.O.

AFSLUITING.

Tydens die afsluitingsdinee het mnr. Gerard Roux van Rembrandt die taak van die student in die volgende vraag gesien: "Wat weet ons werklik van die Stedelike Bantoe?" Hy het gesê dat ons nie die Bantoe

op Engels of Afrikaans moet aanspreek nie, maar wel op sy eie taal. Dit is opmerklik dat heelwat meer Engelse (1 700 000) as Afrikaanse (131 000) tydskrifte en koerante deur die Bantoes gelees word.

Die probleem wat hierdeur ontstaan is dat die kultuur van die Afrikaner nie aan die Bantoe oorgedra word nie. Die Engelse koerante hou 'n eensydige prentjie van ons land aan die Bantoe voor. Mnr. Roux maak die stelling dat net soos ons nie weet hoe die Bantoe ons sien nie, net so min weet die Bantoe hoe ons hom sien.

Met die verstedeliking van die Bantoe het die verhouding van voog teenoor kneg heeltemal verdwyn. Die bantoe is slegs 'n kneg van 8 vm. tot 5 nm. Dit is dus 'n uitdaging aan ons studente om die Afrikaner met sy sin van eerlikheid aan die Bantoe voor te hou en te sorg dat hy die regte beeld van die Afrikaner kry. Deur die regte gesindheid teenoor hulle te open-




Foto bo: Afgevaardigdes van die verskillende Universiteite tydens die kongres. Foto: J. Stander

Foto onder: Van die Pukke wat die kongres bygewoon het v.l.n.r. Elize Grey, Nelis van Nickerk, Quintus Pelser, Franswa van Whk. Foto: J. Stander.



PUK TERUG

Vervolg van bladsy 2

nie ons kultuurverskille nie en dink dat ons teen die kleur diskrimineer. Hulle staan egter simpatiek gesind teen ons moeilike probleem, hoewel hulle nie saamstem nie. Daar was egter slegs een geval waar 'n meisie met my saamgestem het."

Nou 'n skets oor stakings, klas-draf, selfstudie?

"In die tyd wat ek daar was, was daar juis 'n staking, wat myns insiens geregtig was. Die regering wou op 'n te kort kennisgewing, die studieprogram wysig. Beide owerhede en studente was daarteen gekant.

"Omdat die verkiesing so pas verby was, het die linksgesindes en kommuniste dit as geleentheid gesien om deur middel van ondersteuning te omskep in 'n politieke botsing. Later het ander universiteite klasse hervat maar nie Montpellier nie. Ook het die massa almal verbied om eksamen te skryf en indien jy sou weier, is jy as ondersteuner van die regering beskou. Ons buitelandse studente is egter onverstoord gelaat, hoewel ons klasse dikwels onderbreek is deur groepe studente wat kom 'ondersoek instel' het wie hulle 'planne' dwarsboom. Baie keer besluit die dosente om te staak, wat toelaatbaar is, en moet studente in beide gevalle van dosent- of studentestakings, self instudeer wat hulle verloor het.

"Omdat werk so skaars is, het een graad byna geen waarde, en moet hulle noodwendig harder studeer om erens te kom — sodoende het hulle 'n groter pligsbesef as die S.A. student en word klasse nooit sonder 'n goeie rede gemassa nie — net algemeen gestaak.

"Wat hulle klasse betref is daar in eksamen geen reproduksie van kennis nie. Elke vraag word behandel volgens toepas-

sing van basiese beginsels. Dus, so te sê, onvoorbereid.

"Die studente het geen respek vir 'n professor nie en na 1968 is selfs die kateder uitgedra sodat die prof. nie 'hoër' as die studente kan wees nie. Enige tyd mag hulle lesings onderbreek en vrae vra; tog is dit nie so wan-ordelik soos in Holland nie. Verder is hulle klasse soos ons — ook lui om vrae te vra; skryf liewer af en hul rook vrylik tydens klas.

"Opmerklik van die studente is dat daar oor die algemeen geen drankmisbruik is nie en verdowingsmiddels word matig gebruik. Die wyn is spotgoedkoop en dames sowel as mans gebruik dit vrylik in kafees en kafeterias, soos ons koel drank drink. Tog is Frankryk bekend vir die hoogste persentasie alkoholiste ter wêreld."

In watter opsigte het Frankryk u verryk?

"Ten eerste wat my geloof betref. Ek voel oneindig dankbaar vir die voorreg en genade aan ons gegun om beskerm met 'n geloof op te groei en dat ons samelewingsnorme ons daar toe dwing. Daar het ek dit as 'n rykdom gesien, en my 'arm' mede studente oneindig jammer gekry.

"Tweedens is ek geestelik verryk. Frankryk met sy kultuur- en kunsskatte, geboue, musiekonserte, ens., moet op 'n Suid-Afrikaner se gees 'n neerslag laat, dit kan nie verhelp word nie.

"'n ander land het ek ander tipe probleme leer ken, mense sien leef en alles met hulle beleef. My perspektief en mensekennis is verbreed en dit het my een ding laat besef: Dat ons onself moet ondersoek, moet besin en sekerheid oor alles hê voordat ons 'n tree oorsee wag."

Baie dankie Juf. Steyn. Wat 'n interessante geselsie?

haar, kan die situasie heelwat verbeter word. "Ons kan erkenning aan hulle gee deur hom as mens te behandel en deur sy taal te leer ken. Gesag word deur die Bantoe geassosieer met die Afrikaner, die Boer."

Kommunikasie met die Bantoe moet op die regte plek en regte manier geskied, dan eers sal ons erkenning kry van die Stedelike Bantoe en sal baie van ons probleme opgelos word.

WENNIE DU PLESSIS.

Tydens die dinee is die erpenning vir volksdiens oor 'n aantal jare deur Leon Wessels gewese president van die A.S.B. aan dr. W. C. du Plessis oorhandig. Dr. du Plessis het in sy toespraak gesê dat hy dit aan Genl. Hertzog te danke het. Hy het hom die mentor van eerlikheid geleer.

Tussen al die referate deur was daar darem ook tyd vir ontspanning vir al die studente

soos kaas en wyn en 'n braai-vleis op die strand.

SOSIAAL

Die kongres is met 'n formele dinee afgesluit.

Rugby was ook aan die orde van die dag. In 'n harde rugbywedstryd tussen die Universiteite van die Noorde teen die Suid het die Noordes met 'n telling van 4 elk gewen.

Vervolg op bladsy 1

Toe storm die olifant

'n Groep Pukke kon nie wag dat die Vakansie moes aanbreek sodat die lang pad na Botswana gevat kon word.

Die eerste nag, nog duskant die grens, kon vele nie slaap nie, a.g.v. die luide tande-geklapper van die koulike slapers om hulle. Die tweede nag het die koue nie gepla in die slaappogings nie, want daar was geen geleentheid om te slaap nie aangesien die beestrok met die af-disselboom die Pukke half-drie in die oggend met 'n gesteun en blinkende battery-oë bereik het.

Daarna was dit deur koue nagdonkerkte met boksprings oor die sand en toe daar uiteindelik een-dag gefluister word: "Nog net 40 myl na Ghanzi toe," kon die stukke-pukke nie meer wag nie; net, toe hulle wel daar kom, was daar weinig om voor te gewag het...

Die volgende mikpunt was "Willemienhulleseplaas" waar die groep vir die eerste keer iets ervaar het wat sterk herinner aan 'n bad; d.i., 'n bad in 'n tent (vir die dames), in koue water en onder die oog van 'n toerpa se stoute kamera (vir die mans). Die "tannie" was sekerlik verstom oor die Pukke se eetlus, die "oom" het ons kampvuur speletjies kleur gegee, die dogters is oortuig om Puk-toe te kom en die jong manlike spruit het die Pukke bekend-gestel aan die perde, lammetjies en oorblufte donkies.

Onder die viriendelike, wy beskerming van 'n reuse kremetart was die volgende kampvuur en hierop het die fees van die Moremi-wildtuin gevolg. Kameelperde, buffels, bokke, olifante, en klein langharige, tweebenige familieledes wat vriendelik boggom-groet, het hulle omring en seekoeie se steunery naby die kampvuur het die slaap opwindend gemaak.

By die Santantadibi-waterpan het die aktiewe spul amper van die honger omgekrom en gevolglik het die kosma 'n groot, ronde brood so in die grond gebak. Daar word vermoed dat die

oorblyfsels van hierdie broodtans in een of ander museum bewaar word as kosbare oorblyfsel uit die Steentydperk.

'n Baie vuil, deurmekaar, verbrande klomp Pukke het laat-aand op die Puk teruggekom, maar hierdie verslonste verbrande Pukke was baie gelukkig en wonderlik bly dat hulle gegaan het. Van die groot twaalf, dae tussen die 22 Junie en 3 Julie kan nie een dag as die lekkerste uitgesonder word nie; want wat was nou eintlik die hoogtepunte van die toer: was dit die ryery oor daardie oop vlaktes as 'n mens daar bo op die vragmotor sit en jou hande uitstrek en voel dat dit wyd is om jou, dat daar ruimte is om jou; of was dit die sonsondergang oor die Makarikari-panne; of die rit op die Makgoro, of die keer toe die seekoei amper 'n paar Pukke vermorsel het...

Maar die Pukke vergeet ook nie die vriendelike man wat ons vragmotor deur daardie rondgooi-sand altyd op sy wiele gehou het nie:

Dit was twaalf vol en heerlike ek-sal-jou-nooit-vergeet-dae!

Brosflaters

1. Penningmeester van die S.R.-Karel Frost.

2. Wat is die funksie van die S.R.? — om te dien as hand-leiding vir die eerstejaars.

3. Die tweede wêreldoorlog lei tot 'n eie studenteblyd — DIE VOETPAD.

4. Vreugdedag — die herdenking van die P.U. se bestaan.

5. Korps Veritas VINCET — dit gee 'n mens landswe insig.

6. S.A.B. — Suid-Afrikaanse Brouerye.

7. A.S.B. — Algemene Studente Belange,

8. Springbokatlete — Andries Krogman (Hamergooi).

9. Die Registrateur Akademies — Koos Kaffer.

10. Waar dra 'n mens nie die Pukbaadjie nie? — Nie in die bed, nie in die bad nie, nie in die bar nie.

Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee

U KEN ONS

BAILLIEPARK PADKAFEE

By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.

DUS:

WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?
KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.

PUKKE NIE PERMISSIEF

Die Pukke is nie permissief nie. Dit klink na 'n algemene stelling maar wat sê die stelling presies. Wat beteken permissief. Volgens die verklarende woordeboek is die „toestemmend, vergunnend, toelaatbaar, toelaatbaarheid”. Permissieweeteit wil dit wat toelaatbaar is altyd meer maak en dit wat verbied word altyd minder maak sodat alles naderhand toelaatbaar is en niks meer verbied word nie. Dit is 'n goeie afleiding of definisie van die woord permissief. Die vraag ontstaan nou dadelik wat is alles permissief en in hoe 'n mate is die jeug en dan daarby saam, die Pukke permissief. As antwoord op eersgenoemde vraag is daar verskeie menings soos ons dit gesien het in die kongres van die Suid-Afrikaanse Akademis vir Wetenskap en Kuns te Durban. Kom ons probeer om self hierdie vraag te beantwoord.

Is 'n langbroekpak, slenterdrag, coca-cola, musiek, haarstyl, kougom ens., ens. alles permissief? Dan is die antwoord NEE en weereens duisemaal NEE. Permissiwiteit is geleë in 'n gebroke of onbrekende gesagsverhouding. Permissiwiteit is nie vir my in enige materiële saak te vinde nie dit het wel die materiële goedere as kulmineringpunt.

As daar dus deur befaamde geleerdes gesê word dat die jeug permissief is, dan is dit bloot dat daar 'n gebroke of ontbrekende gesagsbeskouing by die jeug bestaan ten opsigte van gesagsdraers.

Die volgende vraag in hierdie beskouing wat na vore kom is wat werk alles permissiwiteit in die hand?

Die skoolkinders word heden-dag verbied om baie lekker en goeie speletjies soos kenntjie, giffie, bok-bok en selfs albasters te speel. Dit hou kwansuis die gevaar in van liggaamlike beserings. Geen epidemie het nog ooit uitgebreek na 'n bok-bok of giffie-spelery nie. Die laerskoolkind moet op speelgronde oomens-agtig rondstaan en filisofeer oor die weer en of die tee flou of sterk is want te veel coca-cola en kougom is mos ook permissief.

'n Verdere komponent om permissiwiteit in die hand te werk is die al ewige moenies en mag-nies van vader en moeder (en ander gesagsdraers). Sonder die daaropvolging van 'n moet en 'n mag. Laat ons 'n voorbeeld neem: Annie en Sannie is susters en albei op Hoërskool. Dit is Vrydagaand en albei wil vanaand uitgaan om hetsy 'n partytjie of 'n fliek by te woon. Moeder reken egter dat haar twee dogters te veel uitgaan en verbied die twee om die aand die huis te verlaat en daarmee

sloesh. Sou dit nie beter ge-wees het as moeder hulle wel verbied het om uit te gaan maar dadelik inisiatief neem om albei binnenshuis te hou met een of ander vermaaklike of skeppende of kreatiewe idee nie. Nee, hulle word net verbied om die huis te verlaat en daar word geen

Studentemening




Foto bo: Leo van Schaik.
Fotokuns.

teenprestasie gelewer nie. Die kind leer dus nie om homself of mekaar in 'n gesinskring te vermaak nie. Dit is noudat daar 'n gesagsbreuk tussen moeder en haar twee dogters ontstaan.

Nog 'n faktor om permissiwiteit aan te help is myns insiens die alewige geskreue en beskuldigings van hulle wat beter behoort te weet dat die jeug sleg is. Sonder om in ag te neem dat hulle wat so skree verantwoordelik is vir die jeug se bestaan en sonder om in ag te neem dat dit hulle is wat die jeug moet help, bystaan, ondersteun en onderskraag met raad, verstand en LIEFDE.

Die geleerdes hou ure-lank kongres sonder om self na 'n jeugleier of een van hierdie permissiewe jongmense te luister of om hom aan te hoor of om hom vrae te vra want hulle, dit is die geleerdes weet mos alles hoekom sal hulle wil weet wat in die hart van 'n langhaar, slentergeklede jongman se hart omgaan.

Om terug te keer tot ons eie Puk-situasie: Die Pukke ken en weet wat is gesag en wat is die Calvinistiese gesagsbeskouing (danksy ons owerhede). Die Pukke respekteer gesagsdraers op die terrein van die Universiteit soos bv. die Rektor, 'n huisvader, 'n dosent, meer nog 'n Puk respekteer alle vorme van gesag in alle lewensterreine. Die persoon wat van my wil verskil is welkom maar dan moet hy nie 'n enkele bewys bring nie

om daardeur te veralgemeen nie maar moet met absolute verdoemende getuienis kom, as hy kan. Baie sakgeld, moderne kleredrag en motors is geen teken van permissiwiteit nie, dit werk ook nie permissiwiteit in die hand nie, dit is vir my alleenlik 'n teken van voorspoed en ekonomiese welvaart waaraan ook 'n Puk na sy vermoë mag deel hê. Niemand mag hom dit ontnem nie. Laat die geleerdes eerder vra wat het ons verkeerd gedoen dat ons jeug permissief is en laat hulle vra hoe kan ons die jeug help en wat kan ons vir die jeug doen. Maar hulle moet dit nie alleen vra nie hulle moet dit ook doen. Dan sal daar geen generation-gap wees nie, dan sal daar wyngig gebroke gesagsbeginsels wees.

Dit het die laaste tyd 'n mode-woord geword om alles wat verkeerd lyk verkeerd proe, sogenaamd vreemd is onder die woord permissief te klassifiseer. Sodra as daar fout is word daar geskreue permissiwiteit, permissiwiteit.

'n Vraag aan die geleerdes: Het u al op die Puk-kampus, in die koshuise beweeg tussen 11 uur en 1-uur die nag en gesien hoeveel studente wel stilte-tyd hou en wel hulle bybel lees. Het u al geluister na 'n teekangesprek as die studente politiek, Godsdiens en kultuur bespreek? En gesien dat hulle dit met groot verantwoordelijkheid kan doen.

Het u al gesien hoeveel studente stap Sondae hier op die Puk kerk toe en agtergekom dat daar so-iets is soos 'n gemeenskapsnorm waar hulle mekaar deur die norm dwing om kerk toe te gaan.

Moenie dat die voortvaardigheid van die jeug en die oog af rebelse-houding u dryf tot die woord permissief nie, moenie dat die ontspanne atmosfeer en jeugdelike uitgelatenheid deurspek met 'n eiesoortige humor-sin u laat gryp na kateders om groot toesprake oor ons permissiwiteit te laat maak nie. Help eerder mee om die gebroke gesagsbeginsel wat daar bestaan te heel, help eerder mee om alles wat permissiwiteit in die hand werk te bestry met alle mag en krag want 'n student is nie persy permissief nie en nog minder die Pukke op hierdie kampus van ons.

SESTIGER OOR SESTIG

Die opspraakwekkende sestigerdigter, D. P. M. Botes, is deur die Skrywerskring genooi om die Pukke op 20 Augustus 1973 te kom toespreek.

Botes, 'n man wat bekend is vir sy uitgesprokenheid, sal praat oor die Afrikaanse poësie vanaf die Sestigerjare, en ook verwys na die stand van die Afrikaanse literêre kritiek.

Die besoek van Botes volg kort op die besoek van Antjie Krog aan die Letterkundige Vereniging.

Mense wat die vergadering bygewoon het (waarop helaas bitter min oor die letterkunde gesê is) mag hierdie vergadering nie misloop nie. Kom luister gerus hoe die Afrikaanse letterkunde vir een van ons avant garde digters daar uitien!



die WAPAD

A.S.B. KONGRES

Die ASB het in Stellenbosch vanjaar sy jebuleum-kongres gevier met 'n baie aktuele en hoogskontroversieë tema nl. DIE BANTOE IN BLANKE STEDELIKE GEBIED.

Dit is jammer dat hierdie spesifieke bewoording van die tema nie inslag gevind het by baie van ons Afrikaanse Dagblaaie sowel as sekere van ons mede ASB-kampus koerante nie. Die mistasting na hierdie tema en spesifiek die formulering van die tema is myns insiens die groot rede waarom my kollega van Stellenbosch die kongres se aktiwiteite as intellektuele modderkoekies-bakkerie beskou. Dit is verrassend dat dit juis uit hierdie oord, waar menseverhoudinge en 'n oordrewe humanitêre gevoel hoogty vier so 'n poging kom om ASB-aktiwiteite af te takel. Goeie raad aan diegene is om nou maar vir eenmaal die self-opgenome strydbyl te laat vaar en om deel te word van hierdie struktuur om sodoende alwysheid en suurdeeg indien dit moontlik is behoorlik te laat geld. Want dit raak nou so eentonig soos 'n kat se geskree op 'n woonsteldak 1 uur in die nag.

Dit is baie interessant om die mening van my kollega op die UP-kampus in die Perdeby van verlede week te lees. Sy kritiek op die aktiwiteite van die ASB-kongres is nie heeltemal 'n goeie opsomming van die ASB- en 'n goeie geheel-beeld van die hele ASB-prentjie nie. Die ASB is nie net 'n kongres nie en sy aktiwiteite strek nie net so ver as 'n weeklange kongres nie. Die kongres is deel van vele aktiwiteite waar ons onder andere 'n aktuele tema op 'n akademiese verantwoordbare wyse hanteer. Die kongres is ook die kulminering van alle ASB-aktiwiteite omdat daar verslag van laasgenoemde aktiwiteite gegee word. Die feit dat daar minder tyd aan verslaggewing afgestaan is as aan die kongrestema is te wyte aan twee sake nl. dat die ASB-Hoofbestuur gevorm word deur studenteraadsvoorsitters wat tog seker die eie verantwoordelijkheid het om toe te sien dat die projekte reg afgehandel is en tweedens geen kongresganger hetsy afgevaardigde of waarnemer het enige versoek gerig om aan enige van die sake langer tyd te wy nie.

Daar was ook volle geleentheid vir enige kongresganger om te eniger tyd op die kongres van diesogenaamd studentebehoefes, melding te maak, en dit het ook gebeur dat persone dit gedoen het.

Om die ASB-kongres jaarliks te verdeel in studenteraadsporte feuljes is uit die aard van die saak 'n verlaging van die kongres tot 'n tweedehandse kontak of skakelingskonferensie.

Die ASB is nie die Hoofbestuur of spesifieke kampus nie, die ASB is 'n Bond van Afrikanerstudente. Goeie raad aan alle kritici is altyd „Kom nader geagte heer of dame en doen mee aan die organisasie en poog om sodoende u kritiek te laat vloei in die regte kanale tot uitbreiding van die organisasie”.

Uit die Woord

Mattheus 6:9 — „Laat u Naam geheilig word”.

Die Spreukedigter het tereg gesê: „'n Naam is verkiesliker as groot rykdom.” Verloor 'n mens sy goeie naam, verloor hy invloed en vertroue.

Sal 'n goeie kind toelaat dat sy pa se naam in die modder vertrap word? Nee!

Enige mens raak ontstoke as sy naam in die gedrang kom! Veel meer rede het God tog om Hom te vertoorn as sy hoogheilige Naam gelaster en misbruik word?

Ons bid dikwels: „Laat U Naam geheilig word,” maar leef ons dit in die praktyk uit? God eis dit van ons in die derde gebod!

Niemand kan neutraal staan nie. Ons ook nie. Daarom kan ons nie maar met die hedendaagse „kultuur” meegaan en die lastertaal van die wêreld ignoreer nie. Ons kan ook nie net die skouers optrek oor rolprente soos „Paint your Wagon” nie — dit is geen verskoning voor God om te sê: „Dit is mos maar soos die mense gepraat en gelewe het,” nie.

Christus skrywe sy Naam op die voorhoofde van sy uitverkorenes en Hy laat ons op sy Naam vertrou. Deur sy soenverdienste het Hy vir ons die ewige saligheid verwerf.

God het aan ons die heerliks verwagting geskenk om ons nou al — in hierdie bedeling — te dra, nl. dat ons eendag deur Hom sal ingaan in sy heerlikheid om sy heilige Naam in ewigheid te prys.

Met die heerlike vooruitsig moet ons dus 'n valse bedagsaamheid vergeet. Ons moet 'n vriend(in) vermaan as dit nodig is. Om te swyg en die laster toe te laat, beteken dat jy jouself en jou vriend laat skade ly. Dan loop ons die gevaar om 'n vloekende volk te word.

Moenie swyers wees nie, maar wees VREUGDEBODES en GETUIES van God se genade wat Hy in Christus aan ons betoon het.

Semester Vooruitsigte

Die Staties sit hulle bedrywighede hierdie kwartaal voort met 'n kamp by Golden Gate van 1-3 September en op 10 Oktober reël hulle 'n groot boeresportdag vir Potchefstroom.

Die groot boeresportdag word gereël sodat die „sogenaamde ontspoorde jeug” die ouer geslag kan wys hoe hulle die moderne ontwikkeling kan uitoorlê met hoederhaanskop en tou

trek. 'n Hele paar items sal aangebied word, waarvan die ouer garde die beste wapen om hulle vernuftigheid te bewys, kan kies.

Daar word 'n beroep op al die Staties gedoen om deel te neem aan die sosiale bedrywighede. So geniet die Voortrekkers die dae van hulle jonkheid met die verantwoordelijkheid wat daarmee gepaard gaan.

A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc. Far.)

OKTRONGEBOU

LOMBARDSTRAAT

**Skakel ons
vir vinnige aflewering**

DEUR MY LENS

Dit is veral wanneer 'n mens meen dat jy met skoen en skerp lense na die studentelewe kyk dat sommige dinge jou opeens beskaam, en jy skielik wonder of jy nie losgegroeï het van al die belangrike gebeurtenisse van jou tyd nie.

Maar miskien het ek te diep geslaap. So diep dat die droom in my oë geklim het, want ek was opeens in 'n baie vriendelike wêreld.

Nie soseer in die natuur nie, want die winter het nog wit aan die kampus bly klou, en orals het stene en pype van die bouery nog rondgelê — orals is, slote gegrawe, kables gelê, toegegooi, en weer oopgegrawe.

Nee, die verskil was nie in die natuur of in die geboue nie. Dit was die arme mense wat algaande meer vriendelik geword het. Reeds lank het dit onbewus vir my duidelik geword, maar dit was veral nou die dag toe 'n forse gestalte — noem hom maar X — met sy sterk gesig en klinklare oortuigings wat ek al dikwels op vergaderings aangehoor het, my die guns gedoen het om vriendelik na my oor te stap en te verneem na my welstand, hoe my vakansie verloop het, selfs hoe dit met my meisie gaan! So verheug as wat ek was dat hierdie prominente figuur, wat voorheen maar vir my 'n vreemde deling met 'n effens oorbelangrike gesig was, nou skielik in 'n personale relasie tot my kom staan het, het ek tog my gesondheid in ag geneem en nie die eksotiese sigaret geneem wat hy my aangebied het nie, selfs al het hy my gul verseker dat hy dit uit die buiteland saamgebring het.

Maar ek is oortuig daarvan dat hy nie geaffronteerd gevoel

het nie. Sy gesig het skielik 'n peinsende uitdrukking aangeleem, en nadat hy keel skoon-gemaak het, het hy my dit op die hart gedruk dat die tyd nou aangebreek het om skouer aan die wiel te sit. „Ja,” het ek saamgestem. „die jaar loop einde se kant toe.” Sommer maar om iets te sê, sien, want die akademiese jaar begin mos eers na Intervarsity.


Vir 'n oomblik kon ek die uitdrukking in sy oë nie peil nie, maar die volgende oomblik was die broederlikheid weer daar. „Dit is tyd vir nouer skakeling tussen student en owerheid,” het hy weer begin. Ek het hom verseker dat ek met waardering kennis geneem het van die werk wat in die afgelope jaar op die gebied gedoen is.

En toe het hy voorgestaan oor 'n verenigde front van Afrika-nestudente, oor lewe in die A.S.B., en met meer entoesiasme: hoe aangenaam al die dinees van die hoofliggame was waarop hy dien, en amper met eerbied: dat hy 'n groot foto aan elke hoofliggaam bestel het om al sy diens aan die P.U.K. en die Pukmassa te kommemoreer.

Ek weet nie of my positiewe bewondering hom ongemaklik laat voel het nie, want terwyl hy nog besig was om al die komitees te noem waarop hy dien, het hy skielik opgehou en met 'n haastige „lekker om met jou te gesels het, ou maat”, vertrek.

Ek het hom effens ingedagte agterna gekyk, en gesien hoe hy met een van my vriende 'n gesprek aanknoop. Weer die vriendelike glimlag, die sigaret, die erns en die belangrikheid.

Toe eers tref dit my: **Studenteraadsverkiezing!**



VAANDEL NOG SOEK

HIERBO is 'n ou, dowwe foto. Wat besonders is aan die foto, is dat dit die eerste foto van Korps is, nadat sy vaandel in 1919 in gebruik geneem is. Hierdie vaandel het elke jaar op Korps se foto's gepryk vir 50 jaar, totdat dit in 1970 weggeraak het.

Die vaandel was maroen, met goud en silwer geborduur. Meisies van die Convent het dit uitgewerk. In die middel van die vaandel is Korps se wapen afgebeeld — dieselfde wapen wat nou weer in gebruik kom.

In die voorste ry sit die enigste damesstudent op daardie stadium, naamlik mej. Martha Lughtenburg. Sy het kort na afloop van haar studies verongeluk. Enekele ander bekende

figure (hier nog studente) is: Prof. H. G. Schulze (onlangs oorlede) tweede van links in die voorste ry; Prof. Joon van Rooy, vorige rektor (tweede van regs in die voortse ry); Prof. Willie Snyman, (derde van links in die tweede ry); wyle ds. Abraham Duvenhage (reg voor die vaandel) en Frans du Toit (van die Frans-du-Toitgebou se faam), heel regs in die tweede ry.

Die Hoofbestuur van Korps het onlangs op 'n vergadering besluit om 'n grootskaalse soektog na die verlore vaandel te loods. Indien die vaandel nie opgespoor kan word nie, sal heel waarskynlik 'n nuwe vaandel gemaak word. Die Hoofbestuur oorweeg dit ook om lapelwapentjies vir Korps lede te laat maak met die 'Korps-wapen op.

Ons lesers skryf

PRO - VAN RIEBEECK

Ek verwys na 'n artikel *Mans-studente en Hare* in die *Wapad* van 30 Mei 1973. Vergun my om 'n paar opmerkings oor die artikel te maak.

In die eerste plek is dit opvallend dat die skrywer van die artikel taamlik onseker blyk te wees oor die saak wat hy wil stel — of dan ten minste baie apologeties. Ek wys op die volgende: hy begin met: „'n afgesaagde onderwerp, sal baie seker sê: moenie daarom ophou lees nie, want daar wag miskien 'n verrassing op jou” (!), gaan hy voort hy moet ou koeie opgrawe, maar die leser moet hom dit maar verskoon, vra hy: as die lesers hom wil kruisig oor sy standpunt, doen dit gerus, dreig hy.

Daarna begin hy met 'n aanhaling uit die Skrif, en wys op die skeiding tussen die twee geslagte wat deur God self ingestel is. Maar wat nie vir my duidelik is nie, is hoe die dra van lang of kort hare kan skeiding maak tussen die sekse — dit is immers waarteen die skrywer waarsku na aanleiding van die aanhaling uit die Skrif. Is die bedoeling dat die lengte van die hare beskous moet word as 'n primêre geslagonderskeiding?

Tereg wys die skrywer op die argument van Jan van Riebeeck se lang hare, en maak dit dan af met die teenargument dat klere-drag en nie die lengte van hare nie, in Van Riebeeck se tyd gedien het om onderskeid aan te dui tussen geslagte.

Nou vra ek myself af wat dan as ons nog verder in die geskiedenis teruggaan, die dae toe daar weinig verskil bestaan het tussen die klere-drag van die man en vrou. Wat was toe die onder-

skeidende kenmerk? Die man se baard miskien? En hoekom is die mans se gesigte dan vandag meesal skoon geskeer? Meneer, wat die algemene neiging om skeidslyne tussen blank en nie-blank af te breek, met lang hare te doen het verstaan ek nog minder as die skrywer se besware teen die amensipatie van die vrou, en waarom sy haar verdiende plek in die samelewing ontsê moet word. Wat is die vrou dan: 'n dienspligtige aan die man? Dit is baie duidelik dat die vrou vir die artikelskrywer 'n totale onbekende wese is — sy eie skuld miskien, te manlik dalk? Die mans wat ontuis voel in die huidige situasie waar die vrou sy mededinger is (en nog altyd was) is gelukkig net die enkele wat werklik dringend sielkundige hulp nodig het.

Verder meneer, sê u artikel-skrywer dat dit uit sy voorafgaande uiteensetting seker vir almal duidelik is dat hy nie soseer teen die lang hare gekant is nie, maar teen die neiging om skeidslyne tussen man en vrou uit te wis. Hy skryf elke man en vrou moet sorgdra dat hy/sy nie verword tot 'n geslaglose „ding” nie. Dit is nou vir jou 'n kontradiksie. Waar is die man of vrou wat dit al ooit reggekry het? Die skrywer wys immers self elders daarop dat die verskil tussen die geslagte deur God self ingestel is, nou hoe kan 'n mens dan nou daaraan verander? Of hoe maak 'n mens jou self geslagloos, laat staan nog 'n „ding”?

Alhoewel dit vroeër ontken word, kom die motief van die hele redevoering van u skrywer na vore in die paragraaf wat begin met: „Nou dat ons die agtergrond van die situasie be-

kyk het, wil ek my persoonlik rig tot hierdie langhariges onder ons.” En dan trek hy los met 'n tirade oor die langhariges se papbroekigheid: omdat hulle tot niks konstruktiefs kom nie, omdat hulle mor en gesagsdraers verdag maak, omdat hulle petisies opstel en “te kere gaan”. (wat lg. ookal mag beteken). Die skrywer maak hom skuldig aan growwe veralgemenings. Verder hoef mens nie daarop kommentaar te lewer nie — die swak smaak wat hy openbaar spreek vir sigself. As 'n mens die laaste gedeelte van die artikel lees wonder jy onwillekeurig wie nou eintlik oor alles 'n mondvol het (en eintlik niks sê met die mondvol) en wie breek net af en smeet net swart?

Die versoek wat in die laaste paragraaf gerig word moet liever so gestel word: As jy veronreg voel oor die sake, gaan dan openlik na die skuldiges, hulle kan tog immers maklik uitgeken word, en spreek hulle aan, jy is mos 'n man. Miskien verrig jy dan tog wel iets konstruktiefs

Kom ons bekyk die saak nou positief. Kultuur is tog dinamies, nie staties nie. Kultuur-ontwikkeling is wesentlik geïmpliseer in die kultuuroopdrag aan die mens. Die katastrofe van die sondeval maak dit wel vir baie tot 'n probleem. Baie kulturele aktiwiteite grond in die aangebore spelimpuls. Hieronder tel o.a. ons sport en spele, ontspanning en vermaak, wetenskap, kuns en mode ens. Om hieraan te kan deelneem is ons hoofsaaklik afhanklik van die beskikbaarheid van die nodige bestaansmiddele. Onder mode tel nie net klere-drag en hare-modes nie, maar ook o.a. voor-

keure t.o.v. wonings, tuine, vervoermiddele, politieke instellings en godsdienstige gelowe en talle ander sake. Geen kultuur is heeltemal outochoon nie, akkulturasie speel 'n groot rol. Enkulturasie moet ook in gedagte gehou word. Wys my die twee geslagte waar die oordrag presies dieselfde was.

Kom ons aanvaar dat die lang hare gekom het om te bly net soos die dames se langbroeke wat 'n jaar of wat gelede ondenkbaar was. Daar is ander sake wat miskien meer dringend ons aandag vereis as die haarlengte van die mans.

PRO VAN RIEBEECK.
B.A. Hons.

S.A.U. TOERNOOI

Die dames en mans SAU-hokkie toernooi wag hierdie jaar op Pietermaritzburg en het plaasgevind vanaf die 2-7 Julie. Die Maandag het die Puk damesspan teen die Natalse Universiteit gespeel. Ander wedstryde deur die Pukke gespeel was teen Rhodes, U.O.V.S., R.A.U., Stellenbosch en Tuk-kies hoewel die Pukke nie goed gevaar het nie, het hulle baie goeie ondervinding oopgedoen en 'n groot gees geopenbaar.

Ons weet dat daar baie goeie vriendskapstaande tussen ons en die ander Universiteite ontstaan het, wat ons hoop om op toekomstige toernooie voort te sit. Die damesafdeling is deur Natal gewen en die mansafdeling deur Wits.

Die toernooi is op 'n hoë noot afgesluit en almal het die dinee op Vrydagaand baie geniet! Ons sien uit na volgende jaar.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTE
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die potchefstroomse boekhandel”

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

DIE GROOT SWEET

DIE STUDENTEMASSA gaan die geleentheid kry om alle SR-kandidate behoorlik deur te kyk alvorens hulle gaan stem. Op 'n SR-vergadering is 'n verslag van die Dagbestuur goedgekeur wat inhou dat alle kandidate vir SR-verkiezing op drie vergaderings aan die massa bekendgestel sal word.

Die hoofliggame sal een aan die beurt kom, waartydens elke kandidaat se curriculum vitae voorgelees word, hyself ongeveer 2 minute kry om sy beleidsverklaring voor te hou, en daarna vrae sal beantwoord.

Die kandidate vir die Studente-raadsvoorsitterskap sal op 'n afsonderlike vergadering aan die beurt kom. Daar sal ruimer geleentheid wees om hierdie kandidate onder kruisverhoor te neem.

Die „GROOTSWEET” soos dit nou reeds genoem word vind baie byval by die studentemassa. Laasgenoemde sal egter die geleentheid kry om op 'n massavergadering op 16 Augustus finaal hulle sê te sê oor die „Grootsweet”.

Die vrae sal bepaal word tot die volgende vier vlakke:

- Algemene studentepolitiek.
- A.S.B.
- Algemene Studenteraads-beleid.
- Die hoofliggaam waarvoor hy staan.

Die kandidate vir die Studente-raadsvoorsitterskap sal op laasgenoemde vlak moet vrae kan beantwoord oor al ses hoofliggame.

Die vergaderings sal gelei word deur die uittredende SR-voorsitter, wat goeie beheer oor die vergaderings sal uitoefen om sodoende elke kandidaat dieselfde geleentheid te gee.

Benewens die „Grootsweet” sal daar nog 'n verkiesingswapad uitkom wat foto's, beleidsverklarings en curriculum vitae bevat van alle kandidate.

THEUNS VERSCHOOR NEEM LEISELS OOR

Teuns Verschoor, 'n vierde-jaar-regstudent, is Woensdag-aand as Tukkie se nuwe studenteraadsvoorsitter aangewys.

Teuns is in Nederland gebore. Hy is die oudste seun in 'n gesin van ses. Sy skoolopleiding ontvang hy by Hoërskool Hendrik Verwoerd en skryf na sy militêre opleiding in 1970 in aan U.P.

Verlede jaar behaal hy die B. Juris-grad. Hy is nou besig met sy LL.B.-studies en stel belang om later in geregtelike sielkunde verder te studeer. Om bietjie loks te bly, speel Teuns sosiale tennis en stap hy baie.



Teuns Verschoor.

UITDAGING

Teuns is 'n produk van Dag-studente-huis, maar was hierdie jaar voorsitter van Huis Tambotie, waar hy met 'n vaderlike hand oor 'n klomp eerstejaars regeer. Hy sien baie uit na die komende termyn en sien sy nuwe taak as 'n groot uitdaging.

DIE CANYON SPOOK

DIE VISRIVIERCANYON het 'n towerwoord vir Montium geword, want die voorspoekse en voorbodes oproep deur kenners van die gebied het die iudgating wat die gedagte aan 'n staptoer deur die onherbergse gebied landskap het, nog groter gemaak.

Montium se idee was nie om rekords op te stel deur die Canyon in die korste moontlike tyd kaffie te draf nie, maar om te gaan geniet en in te drink van die skoonheid wat slegs 'n barre dorre Suide van Suid-Afrika kan bied. Negetien lede het hierdie toer aangepak, en net om die vele waarskuwings van „Die Canyon is nie 'n plek vir meisies nie!” in die wind te slaan, was daar tien asters en nege mans.

Gebuk onder die swaar las van 'n tot barstens toe vol gelaide rugsak, is die stap aangepak — al met die rivier langs, oor rotsblokke, klippe, geweldig plate rotse en los sand, kruis en dwars oor die rivier

met rugsakke wat skaaf en druk en trek aan moeë skouers. Die stap het jou fisies uitgeput, en saans is vroeg reeds in die slaapsakke gekruip, maar die volgende oggend is vroeg reeds geroer met 'n groot lus vir nog 'n dag se stap.

Na ses dae van swoeg en sweet deur die Canyon, was die eindpunt daar — die warmwaterbron, Ai Ais. Die aand is 'n koninklike maal in die restaurant geniet wat alle gedagtes aan provitas en kaas en gedroogde vleis soos mis voor die son laat verdwyn het. Die vriendelike ontvangs wat die Suidwesters die klomp Montiumniete gegee

het, was iets wat elke student se hart warm laat klop het.

Met die terugkoms is by die Augrabiëse watervalle aangedoen waar die veldbewaarder die groep vergas het met 'n skyfievertoning van die gebied. Hier is ook braaivleis gehou, en toe is die lang reis terug Potchefstroom toe aangepak.

Terug by Potch het die Puk weer in alle erns begin, en die vakansie het soos 'n wonderlike droom gevoel wat verbygesnel het. Maar om die uitdaging wat die Visrivier Canyon gebied het, aan te neem, is iets waarvoor geeneen van die 19 wat saam was, ooit spyt sal wees nie.

Nuwe stelsel in Argief

Korps Veritas Vincent het onlangs met 'n nuwe stelsel begin om sy argiewe prakties te benut. Oor die afgelope tyd is opnames gemaak van verskeie toesprake wat Korpsplede bygewoon het. Die opnames word per band beskikbaar gestel aan selle, wat dan die bande kan oorspeel en bespreek. Die bande dek prikkelende onderwerpe, soos: „Die Wonder van luister”, oor die pas afgelope Hulpprojek, oor 'n gesprek met studente van 'n vereniging op Wits en 'n student van Turfloop en oor 'n toespraak van pastoor Wurmbrandt wat Korps bygewoon het.

Die nuwe diens werk as volg: Enige sel kan 'n band stuur aan die Hoofbestuur. Die oorspronklike program word dan gedupliseer en aan die sel teruggestuur, wat dit dan op eie tyd op 'n eie bandopnemer kan speel.

ASTER—Psigologie van kleur

Waarom besluit jy op 'n sekere kleur vir 'n uitrusting? Is dit bewustelik of onbewustelik? Kleurgevoeligheid of kleurvoorkeure speel hier 'n rol.

Deur 'n mens se ervaringslewe kan 'n voor- of afkeur in kleur bewustelik of onbewustelik ontstaan. Elke kleur simboliseer 'n sekere gevoel, waarde of karakter, afhangende van die omstandighede. So kan alle kleure positief of negatief wees, bv. rooi. Positief spreek dit van liefde, krag en energie — negatief van haat en onsteltens. Selfs babas van drie maande is besonder gevoelig vir kleur.

Ons emosionele betrokkenheid ten opsigte van kleure kan as volg verduidelik word: sien jy 'n rooi blom, sê jy dit is mooi. Jou dit 'n swart blom wees, sê jy eerder dit is iets besonder. 'n Kleurpsigoloog meen dat ons dieselfde ten opsigte van kleres sal sê. 'n Swart tabberd sal besonder lyk en juis omdat swart 'n geheimsinnige kleur is. So kan swart aandrag dan die mens se avontuurlustigheid in-

derwaarheid prikkel. Die rooi uitrusting sal veel meer romanties daaruitsien.

Resultate verkry van 'n intense studie oor kleurgevoeligheid, toon die volgende aan: 60% mans verkies dat dames rooi dra. Slegs 8% verkies dames in blou. Tog is gevind dat ongeveer die helfte van die mans blou verkies omdat hulle self blou oë het. Sestig persent van die mans wat blou verkies, is besondere intellektuele persoonlikhede.

Daar is egter 35% dames wat verkies dat mans blou dra, terwyl slegs 13% rooi gekies het. Laasgenoemde was hoofsaaklik kunstenaars.

Persone wat geneig is om donker kleure te dra, is meer swaarmoedig en die wat helder kleure kies, waarskynlik blymoedig en optimisties. Ekstroverte dra by uitstek rooi en introverte blou. Mense met 'n besondere belangstelling in die

ho-natuurlike en geestelike dinge verkies geel. Die kieskeurige persoon kies besondere kleure soos mengsels, d.w.s. blou-groen, rooi-bruin, ens. (Hulle is dikwels die wat nie maklik met ander oor die weg kom nie).

Uit die tradisionele aanvaarding dat bloedrooi die instinktiwe kleur van die man en wit van die vrou is, kan die volgende afgelei word. Rooi en wit gee ligroos of pienk. Dit is 'n aanduiding van 'n bedaring in die

emosionele heftigheid. Wat sê 'n pienk rokkie of manshemd dan???

Rooi en geel is warm kleure, want dit simboliseer die son en energie. Daarom is dit populêr in die winter. Groen is 'n rustige kleur, sprekende van die groei en hoop wat ons in die natuur aantref. Tog kan dit ook jaloesie, onbeholpenheid en onsekerheid simboliseer — daarom praat ons van 'n groentjie. Blou is ruimtelik, onpeilbaar, koud,

morbied en eenvoudig; simbole van die hemelruim en die see. Warm kleure is meer stimulerend en daarom is rooi simbole van die liefde, energie, krag en lewenslustigheid. Blou weer behoort tot die intellektuele. Ons sê mos dikwels: die hart en die verstand kan die saam praat nie. Oranje is 'n hartelike, delikate en vasberade kleur, geel is vrolik en lughartig. Tog lyk geel ook siek, bedruk en oorweldigend.

Pers, net soos wart, is mistiek, uitlokkend en groots. Wit word gekoppel aan reinheid, maagdelikheid, suiwerheid en vertroue. Bruin is somber en neerdrukkend. Hoe lyk dit, wat sê die klerekas?

THALIA - Toer suksesvol



FOTO BO: Thalia in aksie tydens 'n opvoering op toer.

Foto: Fotokuns.

Thalia-toneelvereniging het weer vanjaar 'n toer deur Noord- en Oos-Transvaal gedurende die vakansie vanaf 21 Junie tot 21 Julie onderneem.

Die toerleier, mnr. Marius Schalekamp praat met lof van die groep se puik samewerking en die gesonde gees onder die toergangers.

Tussen al die reklamemaak, kaartjies verkoop, dekor-opstaan en opvoerings, was daar altyd tyd vir grappies en jolyt.

Volgens die penningmeester, mnr. Jan Jacobs, kan Thalia die jaar met tevredenheid terugkyk op 'n groot finansiële sukses.

Die spel van die toneelspelers was deurgaans van hoogstaande gehalte, ten spyte daarvan dat dit soms vir hulle geweldig veel-eisend was om die heeldag te reis en dan elke aand nog hul beste moes lewer.

Die vierdaagse vakansie by Letaba Range, het die groep goed laat uitrus. Almal het die

mooi natuur en rustigheid baie geniet.

„Die vonkel in haar oë” is baie goed deur die gehore ontvang. Op Brits is oor die 1 000 mense in 'n saal gestop wat eintlik vir 800 mense bedoel is. Op Thabazimbi is alle deure en vensters toegestaan deur mense wat nie 'n sitplek kon kry nie.

Die toer word afgesluit met die laaste optredes in Springs en Kempton Park.

U kan gerus u bande versool by ...

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANEDIENS ONDER EEN DAK!
Groot Voorraad

- NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak
- Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

Soms hou ek jou hart
soos 'n duif
in my palms
Soms staar ek dig
teen die groen kiepersol
van jou lyf.
Maar soms loop jou oe
die steil pad van
jou drome
en ek bly agter
Alleen. — Koeksie.

As hierdie hart wyd oop kan kraak
soos 'n granaat
Wat sou jy in elke korrel sien?
Net jou gelaat.
(JY — Uys Krige).

'n Wond moet oop wees om te heel, maar 'n mens hoef nie
daarin te staan en krap nie.

Die moeilikheid met optree, met iets forseer, is dat jy dit nege
uit die tien keer te haastig doen. Jou woorde te vinnig kies, dinge se wat
liever ongesê moes gebly het. Onherroepelike dinge. Seer dinge.

Dit is asof stilbly 'n mate van innerlike kalmte bring; dis asof
die probleem homself in die stilte sonder haat rustig uitsorteer; dis asof
die stilbly daaroor 'n probleem kan laat vervaag, kan laat oplos, soos suiker
in water.

(UITSPRAAK EN UITVRA — Isabelle du Toit).

Hoe sal die skerwe
ooit weer las
In watter fles
Is soeter wyn as wat jy was
Om watter ander dors te les
As die wat met jou sterwe.
(EK DINK AAN JOU — Kobus van Zyl).

Die geel van kappertjies
en songeel studiegordyne
staan vas
bly sit
en spring terug
uit die gryskol
van my hart — Koeksie.

Vandag weet ek dat, hoe volmaak die Skepper se werk ook is, dit lewens-
noodsaaklik is dat elke mens iets moet ontbeer. Dit hou jou nederig,
en hoe goedeliker jy daarop ingestel is, des te beter is jou kanse
om daar oor heen te styg.

Ek het gekla omdat ek nie skoene het nie. Toe sien ek iemand wat nie
voete het nie.

Buitendien:

„Nie wat 'n mens besit
Bring geluk en waarde
Maar wat jy doen is en
En nalaat op die aarde.”

(WAT JY NIE HET NIE, HET JY NIE — Drieka).

Maak ons gemeensaam
soos kerslig by ou boeke in die aand
soos 'n geliefde stem, soos daaglikse brood
(GEBED — Ernst van Heerden).

TENDER GEVRA.

Hulle tender vir die tradisies en 'n leuse
en breek die jare af
tot stukkies steen —
In die hoek
stuur 'n pontssettia sy
vlamgebed na die
hemel so ver — Koeksie.)

le jou hand
op my voorkop —
asof jou hand
my hand is.
behoed my
soos teen moordlustiges
asof my lewe
jou lewe is.

bied my jouself
asof jy vir ewig sal bestaan
asof my hart my bloed
jou hart jou bloed is.
(LÊ JOU HAND — D. P. M. Botes).

Die ellende van die wereld is 'n werklikheid wat niemand kan ontken en
ontvug nie. Maar die wete van die ellende en die ervaring van lyding kan
'n mens nooit blind maak vir die geheimenis, die wonder en die eindlose
moontlikhede van die lewe nie. Om die geheimenis te erken, die wonder
te ervaar, die moontlikhede te ondersoek, is vir my die wesenlike doel
van die lewe. En solank die geheimenis, die wonder en die moontlikheid
vir my betekenis het, moet ek soos Habakuk se: Alhoewel die vyboom
nie sal bloei nie en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die dag
van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie;
die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie
— nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.

(NOGTANS SAL EK JUBEL — Audrey Blignaut).

P.N.B. AKTUEEL

Fokus op Wêreldgebeure

MET DIE VYFTAL BERIGTE WAT HIERMEE SAAMGAAN WIL P.N.B. GRAAG ENKELE GEBEURE DIE AFGELOPE PAAR WEKE ONDER DIE AANDAG VAN DIE PUKKE BRING EN ENKELE BEGINSELS WAT OP DIE SPEL IS VERDUIDELIK.

GRAAG WORD ERKENNING VERLEEN VIR „SAKE VAN DIE DAG“, DIE GEREELDE S.A.U.K.-OORSIG, VIR DIE LEIDING WAT IN DIE VERBAND ONTVANG IS.

BRITSE VLOOT BESOEK SUID-AFRIKA

Gedurende die afgelope vakansie het 6 Britse oorlogsskepe, waaronder die Dreadnought, prototipe van die Britse Vloot se kernduikbote, aan SANEX, d.i. gesamentlike oefeninge met die Suid-Afrikaanse Vloot, deelgeneem. Vooraf het ongeveer 2000 bemanningslede die gasvryheid van Kaapstad geniet.

Wat het dit moontlik gemaak? Ongeveer 'n halfeeu gelede is 'n ooreenkoms tussen Brittanje en die Unie aangegaan t.o.v. die verdediging van die suidelike oseane. Daarvolgens sou Simonstad 'n basis van die Britse Vloot bly. Op 2 April 1957 is die basis egter amptelik aan die Unie-regering oorhandig kragtens 'n ooreenkoms van 1955. Hierdie ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die voortgesette vloot-samewerking tussen Brittanje en die Unie en wapenverskaffing deur Brittanje aan die Unie.

Daarna het die anti-Suid-Afrikaanse gevoel wêreldwyd opgelaa. In 1963 het die Veiligheidsraad van die V.V.O.'s 'n beroep op lidlande gedoen om die voorsiening van wapens en ammunisie aan die Republiek te staak. Mnr. Harold Wilson se Arbeidersparty het in 1964, kort nadat dit aan bewind gekom het, gevolg gegee aan hierdie sanksiebevel. Die destydse minister van Verdediging, mnr. Dennis Healey, het egter die vermetelheid gehad om te sê: „Die moontlikheid dat ons die geriewe ingevolge die Simonstadse-ooreenkoms sal verloor, is buite die kwessie. Die basis is van groot waarde vir die Brit-

se Vloot en ons is geensins voornemens om dit prys te gee nie”. Vermetelheid, sê ek, omdat hy geweet het dat die Republiek nie die gees van welwillendheid waarin die ooreenkoms aangegaan is, sou skend nie. Gedurende 1967-1969, terwyl die arbeidersparty aan bewind was, het hierdie soort oefeninge ook plaasgevind, maar omdat Wilson die politieke implikasies van assosiasie met Suid-Afrika ge-

vrees, het, is dit nooit openbaar gemaak nie.

In kontras hiermee het mnr. Heath, nuwe Eerste Minister toe die Konserwatiewe Party in 1970 oorneem, gesê: „Ons het die Simonstadse Ooreenkoms aangegaan en my regering is voornemens om uitvoering daaraan te verleen”. Vroeg in 1971 is magtiging verleen vir die verkoop van 7 Wasp-helikopters aan die S.A. Vloot.

Gesien ook in die lig van onlangse memorandum van die Arbeidersparty in Brittanje t.o.v. handel met Suid-Afrika is 'n verkiesing in Brittanje vir ons van groot belang.

INTERAFHANKLIKHEID

Ek het dit hier oor interafhanklikheid tussen wit en swart in Afrika, meer in die besonder Suider-Afrika.

Len feit wat ons nie uit die oog moet verloor nie wanneer ons debatteer oor die Bantoe in Blanke stedelike gebied, oor lone, oor konsolidasie van Tuislande en ander aspekte van die volkerebeleid, is die van interafhanklikheid. Daar moet egter onthou word dat interafhanklikheid nie alleen op grond van geografiese faktore wenslik of selfs onvermydelik is nie, maar ook op grond van wat ons die „menslike faktor” kan noem.

Dekolonisasie is 'n bewys hiervan. Na die vlag van onafhanklikwordings van die vroeë sestigerjare was daar geen verbetering in die lewenstandaard van Afrika se massas, daar was geen betekenisvolle mate van industrialisasie nie en die landbou het agteruitgegaan. 'n Gesaghebbende soos die Amerikaanse geskiedkundige, prof.

De Keiwiet het daarop gewys dat die swart state nie in staat is om ekonomiese beginsels en tegnieke van die Weste in die praktyk toe te pas nie. Hierin word hy ondersteun deur 'n vooraanstaande Russiese kenner van Afrika, V. G. Solodivnikov. Hy wys daarop dat die swart state na onafhanklikheid begin aandring het op meer kapitaal, tegnieke hulp, kundigheid en algemene bystand. Die interessante is dat selfs dit geblyk het ondoeltreffend te wees.

Inderwaarheid wil dit voor kom asof die ekonomiese redding van die swart state geensins in hulle eie pogings of in die toevoeging van kunsmatige hulp van buite lê nie. Die ware en mees omvattende oplossing is die volgehoute inter-aksie met die inheemse dinamiese blankke gemeenskappe. Daar is slegs een deel van Afrika waar hierdie noodsaaklike toestand vandag bestaan. Dit is Suider-Afrika.

Dit is ons unieke voordeel. Die interafhanklikheid van wit en swart moet die wegspringpunt in ons denke oor hierdie sake wees. Wat nodig is is 'n erkenning van die Swartman se politieke aspirasies en 'n besef by die Swartman dat hy nie kan vooruitgaan sonder die hulp van die Witman nie.

Redaksie

Hoofredakteur — Japie Robertse, Over-de-Voor.
Sub-redakteur — Lou Larney, Spruitstraat 34.
Sub-redaktrise — Madeleen Jordaan, Klawerhof.
Sekretaris-Penningmeester — Dave v.d. Walt, Makouvlei.
Sosiaal — Mettie Janssens, Klawerhof.
Koshuisaangeleenthede — Louwtjie Louw, Liberalia.
Akademies — Jan Swanepoel, Thaba-Jah.
Kuns — De Villiers Lessing, 4053.
Sport — Johan Du Pisani, Liberalia.
Damesaangeleenthede — Wimpie Lemmer, Kulu.
Sirkulasiebestuurder — Corrie Kraamwinkel, Over de Voor.
Fotoredakteur — H. Retief, Liberalia.
Inter-Universitêr — Beatrice Moolman, Karlien.

TERRORISTE ONTVOER KINDERS

Op Donderdag 5 Julie het terroriste byna 300 kinders van die Sint Albert-sendingpos in die noorde van Rhodesië ontvoer.

Hierdie ontvoering volg regstreeks op berigte van verskerpte terrorisme teen stamlede op die grens en dit het groter teenkating van die swart bevolking teen die aanvallers meegebring. Die ontvoering het baie duidelik bevestig dat die terroristesaak geen steun onder die swart bevolking van Rhodesië het nie. Die ontvoerders het openlik erken dat die kinders opgelei sou word om die terroristegelede aan te vul. Die vraag is: As die swart bevolking simpatie met die saak gehad het, waarom was dit dan nodig om geweld te gebruik om rekrute te werf?

Dit is duidelik dat dit 'n stryd tussen orde en anargie is. Aan die een kant is die Rhodesiese veiligheidsmagte bestaande uit swart en wit soldate. Die feit dat na twee dae nog net sowat 'n dosyn kinders in die hande van die terrosite was, is 'n bewys van die doeltreffendheid van hierdie magte. Aan die ander kant is die swaargewapende terroriste wat nie huiwer om te vermink, te martel of te ontvoer nie. Gerugsteun deur kommunistiese state, swart ekstremiste en organisasies soos die W.R.K. bedreig hulle Rhodesië met ontwrigting. Hulle optrede dui op hulle desperaatheid. Hierdie aanskoulike metode om hulle sielkundige terugslae uit te wis het liederlik misluk.

Twee dinge is duidelik. Die eerste, om die woorde van vader Lorenz von Walter van die sendingpos te gebruik is: Die sending gaan voort. Die tweede is dat die enigste vryheidsvegters in Rhodesië die vryheidsmagte is. Die ander party is terroriste, d.i. vreesaanjaers.

WÊRELDVREDE?

Na sy besoeke aan West-Duitsland, Frankryk en die V.S.A. het die Russiese partyleier, mnr. Leonid Breschnev, gesê: „die oorgang van 'n kwarteeu van koue oorlog na vreedsame etrekkinge is afgehandel. Die vooruitsigte vir die mensdom is meer hoopvol. Ons planeet is vandag nader aan blywende vrede as ooit in sy bestaan”.

Wat mnr. Breschnev eintlik bedoel is die uitkakeling van 'n kernoorlog. Dit blyk dat mnr. Nixon en Breschnev groot vordering gemaak het tydens hulle leiersberaad wat betref die beperking van die kernwapenwedloop. Ook wat betref die vermyding van konflikte deur nie in te meng in die ander se twispunte nie is eenstemmigheid bereik.

Die volke van beide hierdie moondhede het hulle leiers hier toe gedwing. Die Amerikaners

is siek daarvan om hulle energie en geld in die buiteland te vermors. Amerika wil nie meer die polisieman van die wêreld wees nie. Die Russe weer streef na 'n verhoging van hulle lewenstandaard en die uitbouing van hulle tegnologie en industrie. Mnr. Breschnev besef dat sy posisie alleen veilig is as hy sy belofte nakom om die lewensomstandighede van sy volk makliker te maak.

Daarby moet egter onthou word dat terwyl die groot moondhede hulle uit die kalklig onttrek, sal die kleiner volke in 'n mindere mate in bedwang gehou word. Dit is belangrik dat ons daarop sal let, want onder die nuwe wêreldbedeling is dit net sowel van toepassing op Suider-Afrika as op die Midde-Ooste, waarvan mev. Golde Meir gesê het: „Solank daar nie vrede in die Midde-Ooste is nie, is daar oorlog”.

KERNTOETSE

Sowel Frankryk as die lande wat beswaar maak teen die huidige kerntoetse by die Mururoa-ringeiland het sterk argumente ter ondersteuning van hulle saak.

Lg. met Nieu-Zeeland op die voorpunt, voer aan dat dit alleen kan hydra tot 'n uiteindelijke kernoorlog as nog 'n land 'n kernarsenaal opbou. Verder is hulle besorg oor die radio-aktiewe besoedeling van die atmosfeer. Onsigbare deeltjies radio-aktiewe stof dring die stratosfeer binne en sak daarvandaan oor 'n tydperk van jare oor die hele aarde uit. Indien dit veral d.m.v. voedsel in toereikende hoeveelhede ingeneem word kan dit lewende weefsel beskadig of vernietig, kanker veroorsaak of selfs mutasies in voortplantingselle teweeg bring.

„Toereikende hoeveelhede” plaas 'n lewensbelangrike beginsel op die spel. Al hoe meer lande verwerf die tegnologiese bevoegdheid om kernwapens te vervaardig. Die vergiftiging van die atmosfeer word ongetwyfeld groter en tensy daar een of ander tyd 'n einde aan gemaak word, kan die gevolge vir die mensdom uiteindelik afgryslik wees.

Frankryk voer aan dat sy proefnemings geen skadelike in-

vloed op die mensdom in sy geheel kan hê nie en dring daarop aan dat die proefnemings noodsaaklik is vir sy veiligheid en onafhanklikheid. Dit word ook algemeen aanvaar dat dit juis sy kernpotensiaal is wat hom saammet Rusland en die V.S.A. seggensskap gee in die bepaling van internasionale aangeleenthede.

Hier kan gemeld word dat die ooreenkoms tussen die V.S.A. en Rusland om kernwapens te beperk die twee lande verhoed om kerntoetse in die atmosfeer uit te voer. Dit moet of ondergronds of onderwater geskied. Frankryk is nie 'n party tot die verdrag nie.

In weerwil van die beslissing van die Internasionale Geregshof in Den Haag, die verhoë van individuele lande en boikotdreigemente gaan Frankryk voort met die proefnemings omdat sy nasionale selfbelang dit na sy mening vereis.

SPREUK

„Die liefde is 'n kameelperd — hy kan hoë dinge bereik, maar doen hy 'n verkoue op, dan is daar ten minste sewe voet van brand en keelseer.”

A. G. Visser.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

DIE KEURIGSTE
GEBAK IN
POTCHEFSTROOM

ONS LEWER AAN DIE
UNIVERSITEIT

OP DIE KOSHUISFRONT

Soetdorings

Na die heerlike vakansie is al die Soetdoringdames terug, behalwe een. Selfs ons Prim is terug na haar afwesigheid. Haar tranenvoorraad hoef gelukkig net tot Desember te hou, want daarna sal sy mos mev. Prinsloo wees.

Die sleepaksies neem ook toe, die nuutstes: Lucia met Uitspan se Oubaas, Jeanette, Thea, Sue, Liza wat graag in die „Toekoms” inkyk en selfs Sophia se oë blink deesdae.

„Uit”span dan maar net nie wegbreek van die „uit” nie. Hulle neem ons mos na die „Uit”sleep, om nie eers te praat van die spoggerige muurbhangsels nie.

So tussen die swottings beplan die dames groot aksies vir die res van die semester.

Over de Voor

Soos dikwels in die verlede was dit weer op Over de Voor aangewese om die Puk se naam hoog te hou op nasionale studenteterrein. Gedurende die afgelope Julie-vakansie het die onderskeiding om as onderpresident van die AS6 verkies te word, een van ons inwoners, Pieter Mulder, te beurt geval. Veels geluk, Pieter.

Maandagaand is die eerste intertee van die nuwe semester gehou — en wel met Disa. Dit is goed bygewoon deur die talentjagters en hulle het vol entoesiasme verslag gedoen.

Intussen het die Voor se lys van verlowings tot iets indrukwekkends gegroei. Die jongste ongevalle is Gerrie Odenaal, Osie Oosthuizen, Juts de Jager en Neels Botha.

Marius Kruger is ook terug uit die hospitaal na sy knieoperasie. Dit lyk darem of hy veel minder beenaf is.

En ten slotte net ’n woordjie van gelukwensing aan Tom met die nuwe Volvo. Lekker ry!

Geluk aan Kompleks met hulle oorwinning.

Klooster

Dit het soos ’n kleimaafpenery in die ou dae van Kimberley gelyk, die terugkeer van die manne. Vanuit al vier windrigtings het hulle op die vriendelike ou gebou toegesak. Sommige van die ouens het goed uitgerus gelyk en die ander ryk. Aan dik beursies is duideik te bemark dat Oom Tom en die staalfabrieke weer die hand diep in die sak moes steek. Dan is daar nog ook natuurlik die paar kêrels wat nog steeds effens swart is van die steenkoolstof.

Ons kan nie nalaat om ons veelbesproke en welbekende Besempeloton te noem nie. Die lede van genoemde beweging het die vakansie so ’n bietjie oorlog-oorlog gaan speel. En glo my vry — die hare het gewaai. Ons Besempeloton is ’n groepie waarmee rekening gehou moet word!

Uit wans uit het die groot masjien teen hoogste rewolusies begin loop: Daar was liefdeste-leurteelings, immobiliseringsgevalle (ek weet nie wat dit beteken nie, maar Piet van Niekerk se motor het sy laaste skof afgelê) en vele ander gebeurtenisse. Een van ons tokkelokke (hy het ’n onderskeiding in Grieks behaal) wil nou met alle geweld kanseleer . . . wil glo ’n kafee in Kempton Park oopmaak.

Andere kon die hele vakansie lank hulle lus nie blus om terug te kom vir die inhaal van verlore tyd en oefening. Neem as voorbeeld die vermaaklike Prins Neels die Seevaarder. Hy wil die oefening wat hy gedurende die vakansie verbeur het opmaak deur voortaan met sy kano klus toe te ry. Christo Crause, egter, sê hy gee nie om hoe hy by die kampus uitkom nie, solank hy net nie hoef fiets te ry nie. Hy het die vakansie genoeg oefening gehad — al die pad tussen Beira en Kaapstad — en nou het hy ’n eienaardige allergie ontwikkel: Slaan glo ’n pragtige skkering van blou en pers kolle êrens aan sy anatomie uit as hy deesdae ’n fiets sien. Ek weet nou wel nie waar Christo se anatomie sit nie, maar ek weet darem waar sit hy — op ’n kussing.

Wat die akademie betref: Sommige ouens loop maar ’n wyf draai om die kennisgewingbord op die kampus, maar andere voel weer soos Oom Koos Steyn wat nou reeds sy handtekening begin oefen met ’n „B.Sc.” daaragter, of Peet Buys wat reeds sigare begin rook om te oefen vir die dag wanneer hy ’n afgetrede sakeman is.

Op hierdie selfversekerde noot groet ons vanuit die Klooster tot volgende keer.

Dorp

Op Maandag, 18 Junie het Dorp ’n „Inter-verrassing” met Oosterhof gehad. Die verrassing van Oosterhof se kant was die pap, wors en gesellige kagelvuur met heerlike malvalekkerkoffie. Dorp se geskenk was heelwat 6 dagoud kuikens! Die kuikens het die eer te beurt geval om die lede van die dagstudente-bestuur se name te erf — Riaan Odendaal!. Tot groot spyt van almal het gebeur wat meegaande beskryf word.

koop word as groep gratis na die Hoër Tegniese Skoolsaal vervoer waar die aanbieding om 8.15 nm. saans plaasvind. Die dramastudente in u koshuis vorm die skakel tussen u huiskomitee en die Dramadepartement. Kontak hulle. Skakel mev. Botha by die dept. Spraakleer en Drama, uitbreiding 252, vir verdere inligting.

KOMAAN PUKKE! Die jaar staan einde se kant toe. Maak dit een van julle laaste GROOT koshuissaksies van die jaar!

Liberalia

Nouja, die vakansie is verby en die koshuise is weer vol aksie. Die mees algemene klagte wat ons seker hoor is dat die vakansie net effens aan die kort kant was. Een van die manne het selfs die briljante ingewing gehad dat ons eintlik vakansie behoort te hê wanneer ons hier is.

Ons gelukwensing aan al die manne wie se sleepaksies die vakansie op die roste geloop het en simpatie met die ander. Wat die rugby aanbetref lyk Dawie Dup se kanse om die beker te verower nogal nie sleg nie. Daar sal net ’n plan gemaak moet word wat 9 uur in die more nog in die bed aangegetref word. Ons sosiale aktiwiteite is aan die brand. Vrydagaand het ons ’n inter-fliëk met die dames van Kasteel-Noord gehad. Wat die nuwe effekte hiervan sal wees, kan ons die voorspel nie.

Dit lyk of die Berg-squad in die koshuis probleme ondervind. Blykbaar is daar soveel sinodesittings en dergelike byeenkomste dat hulle maar sukkel om hulle motors op die pad te hou. Baie moeilikheid is met hulle kragopwekkers ondervind, dis nou die mtors s’n. Leon het ook saggies begin ween toe hy op ’n mooi dag ontdek het dat sy vuurwa se een wiel dop gekonfiskeer is.

Die jaar staan nou vinnig einde se kant toe en Liberalia wens al die ander sterkte toe met die akademie wat deur die jaar agtergelaat en opgehoop het in die Liberalia-gees.

Heimat

Na Karnaval ’73 het ons Heimatters redelik stilswyend verkeer — blykbaar het dit iets met die akademie te doene gehad!

Hier’s ons egter weer — Heimat het darem nog nie inmeekaargeval nie, wat deesdae al hoe moontliker lyk!

Eerstens baie dankie aan Klaverhof dat hulle verskoning gevra het vir die verkeerdlike (grootdoenerige) stelling dat hulle ons twee keer gewen het in hokkie. Nadat ons albei een keer gewen het, is die „groot uitklop” verlede week gehou — telling 2 elk! Daarna het ons ons vlotbou-episode afgesluit met ’n braaivleis — lekker ge-wees, dankie!

Eerskomende Vrydag ruk die Hertogdom se manne op na Jasmyn op Tukkies-kampus vir ’n lekker „inter”-hokkie en sokkie so-aan. Baie gaaf van al die vassleepdames om hulle „ander helftes” vir die dag af te staan (sal hulle oppas!).

Op die rugbyveld laat ons ons nog steeds geld — lekker gewees om deel te hê aan Kompleks se oorwinning teen Overde-Voor. Dit was ’n goeie en skoon wedstryd en ons sê dankie „Overs”. Verder sien ons uit na ons wedstryd, van die jaar” teen Uitspan, wat seker graag verlede jaar se loesing wil herstel.

Ons groet met ’n groot Intervarsity vir julle almal!

Kulu

Hier in die koshuis met die groot naam en groot gees hou almal nog die blinkkant bo!

Groot gees? Met karnaval het almal mos gesien hoeveel daar in Kulu steek. Nou sê ons: Wag maar vir Intervarsity, dan sal ons bewys dat dit nie ydele praatjies is nie! Ons sien baie uit na Intervarsity — vanjaar gaan die Pukke die klomp vaal Vrystaters wys hoe word rugby gespeel, nie waar nie. Na die luilekker, loslit vakansie is Kulu se inwoners weer terug, behalwe vir drie aspirant onderwyseresse wat swoeg met ritlesse en kritiese dosente. Te oordeel na die blink oë en geheimsinnige glimlaggies was sommige mense se vakansie een groot vreugde. Marie Louw spog met ’n yslike diamant, terwyl Martie en Kobie snags droom van huweliksklokkies — iewers in Desember. Andere sien vol verwagting uit na die lente. Gedagtig daarin dat die lente vir sommige nuwe liefde bring, maar vir ander hooikoors, soek almal naarsstiglik na anti-hooikoors pille.

Vanjaar het Kulu iets nuuts aangepak. Ons noem dit kortweg gangaksies. Elke gang in die koshuis het sy eie naam, eie boodskapboek en reël allerlei snaaksighede — alles op gangbasis. So het „Kekkelkol” bv. vir „Maki-Saki” uitgedaag tot ’n middernagtelike geveg. Die vere het behoorlik gewaai! Natuurlik glo elke Kuluier daaraan om ’n balans te handhaaf. As ons swot dan swot ons!

Studentevaria soek talent

Met die bekendstelling vroeër vanjaar van „Studentevaria”, het ons belowe om later vanjaar die musieklike ouens en doedies bhmekaar te kry vir radio-opnames. Die tyd daarvoor het nou aangebreek.

Soos die PUKKE die afgelope drie weke oor „Studentevaria” verneem het, word daar na die mense wat sing, op die verskeie kampsusse gesoek.

Kom ons vertel julle nou presies wat ons soek. Daardie verborge musikant in die gang wat miskien sy eie liedjies skryf of komponeer of saam met ’n maat so ’n voortrefflike duet kan sing, die beste sêr-groep of die beste koshuiskorke, dit is die mense wat ons graag mee in aanraking sal wil kom.

Wat nou gaan gebeur, sal almal wil weet. Die groepe of sangers(esse) wat wel met ons in aanraking kom, sal vir ’n oudisie — sjoe, dis die geleerde woord vir ’n musiekonderhoud — by die SAUK in Johannesburg gaan en dan opnames maak van wat oor „Studentevaria” uitgesaai gaan word. En onthou — van die platemaatskappy se ouens luister ook en wie weet . . . dalk kom daar ’n aanbod van so ’n maatskappy!

En nou, PUKKE, wag ons in spanning op julle reaksie. Puk kieland spog reeds met die beste konsertgroep, ons eie Alabama’s. Laat hoor van julle so spoedig moontlik, voordat die akademiese verbinding begin.

Tree in verbinding met Bennie Howard by die Klooster, of laat ’n boodskap by die S.R.-kantoor en ons sal met julle kom gesels.

Groot Prys Vir Koshuis


Hier is ’n kans vir ’n koshuis om op interessante whse R50 te wen vir die koshuissfonds. Al wat u moet doen is om te sorg dat elke koshuisebawoner vir hom, sy sleep en ’n paar vriende kaartjies koop vir die Dept. Spraakleer en Drama se dansdramaprogram ENTREE op 23, 24 en 25 Augustus 1973.

Die koshuis wat die meeste kaartjies bo R100,00 teen R1,00 per kaartjie verkoop, kry ’n prys van R50,00. Elke koshuis wat meer as R50,00 se kaartjies ver-

koop word as groep gratis na die Hoër Tegniese Skoolsaal vervoer waar die aanbieding om 8.15 nm. saans plaasvind.

Die dramastudente in u koshuis vorm die skakel tussen u huiskomitee en die Dramadepartement. Kontak hulle. Skakel mev. Botha by die dept. Spraakleer en Drama, uitbreiding 252, vir verdere inligting.

KOMAAN PUKKE! Die jaar staan einde se kant toe. Maak dit een van julle laaste GROOT koshuissaksies van die jaar!



ALLE MODELLE CITROEN BESIKBAAR BY:

KOLLEGE DIENSSENTRUM

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800

POTCHEFSTROOM

Karnavalkomitee 1974

Op 'n onlangse Studenteraadsvergadering is mnr. Chris Hattingh aangewys as Karnavalvoorsitter van 1974. Mnr. Hattingh het dadelik sy komitee saamgestel.

Die komitee bestaan uit die volgende lede:

Onder-voorsitter: Kobus van der Walt; Penningmeesters: Willem Jonker en Fanie Weber; Sekretaresses: Annetjie Siertsema en Elsabe Dreyer; Addisionele lede (kunstenaars) Braam le Roux; Borge: Francois van Wyk; Debutante: Theuns van Rensburg; Reklame: Tjep van Schaik; Kompetisies: Douw Kruger en Febe Bakker; Tegnieë assistent: Ben van Rensburg; Opening: Cas Breedts en Rene von Wezel; Kunstenaars: Nelien Langenhoven; Onthale: Annette van der Walt en Louise Lombard; Stalletjies: Vernon Knoetze en Judy Venter; Vlotte: Anton Meintjies en Ammi Visser.

DEBUTANTE.

Op die eerste Karnavalvergadering is baie aandag gegee aan die debutante. Die wenner van 1973 — Elsabe Dreyer het 'n

reis oorsee saam met die ASB gewen. Volgens haar was dit nie so moeilik om die geld in te samel nie, veral met so 'n prys voor oë nie.

Dames van die PUK, ruk op, die beloning is groot. As u genader word om as debutant op te tree, gryp die kans met ope arms aan. Van ons Pukke wat reeds saam met die ASB

oorsee was sê: "Dit is 'n toer wat geen student behoort mis te loop nie." Om te dink dat u twaalf dae kommerloos op 'n luukse passasiers boot kan deurbreng, daarna vier weke in Europa saam met mede Afrikaner studente kan toer. Werklik dis die moeite werd om geld in te samel. Onthou die geld gaan aan liefdadigheid.


WELSYNORGANISASIES.

Net die finale onderhandelinge moet nog afgehandel word om die Puk se Karnaval komitee as 'n welsynorganisasie te registreer.

KONFERENSIE.

Die naweek van die 28ste en 29ste September trek al die Karnaval en Joolvoorsitters in Bloemfontein saam om die konferensie tafels. Die Puk sal o.a. deur Chris Hattingh verteenwoordig word, daar gaan ook 'n paar lede van die Karnaval komitee saam as waarnemers.

Met die samewerking van die Puk-massa gaan Karnaval '74 die grootste Karnaval van alle tye wees.



Elsabe Dreyer.

Foto: Fotokuns.

Ideaal vir Vaaldriehoek-tak gestel

„Soveel misnoedigheid het ek nog nie in Vanderbijlpark raakgeloop nie”, was die opmerking van prof. S. P. van der Walt op 'n berig in die plaaslike pers in die Vaaldriehoek wat lui dat die ontwikkeling van die kampus van die Vaalrivierse Tak van die P.U. eers oor twee jaar kan begin.

Prof. Van der Walt is hoof van die Potchefstroomse Universiteit se tak in die Vaaldriehoek en het geantwoord op sy en mev. Van der Walt se bekendstelling aan verteenwoordigers van die ander drie stadsrade in die Vaaldriehoek. Dit was by geleentheid van 'n onthaal wat die Stadsraad van Vanderbijlpark aangebied het.

Prof. Van der Walt het gesê: „Ons moet voortgaan, en met die krag wat u hier ontwikkel kan dit baie vinnig gaan”. Hy het gesê dat die Universiteit met 'n weldaad na die Vaaldriehoek kom om te sê: „Neem deel aan ons tradisie. Ons kon nie 'n splinternuwe universiteit dadelik in die lewe roep nie, want 'n universiteit is iets wat aan 'n tradisie gekoppel moet wees”.

Ons kom met die tradisie van 'n hele eeu en ons sê aan die Vaalrivier-omgewing, kom wees deel van daardie familie wat sê dat deur die lig van God se Woord ook 'n ligstraal moet val op ons lewe.

Verwysende spesifiek na Yskor het prof. Van der Walt gesê dat die Potchefstroomse Universiteit van diens wil wees sodat Yskor nooit ver om hom heen hoef te kyk vir bekwame, afgerigte en doelgerigte en geïnspireerde mense nie.

Prof. Van der Walt het gesê dat daar vanjaar oor die 400 studente aan die Vaalrivierse

Tak studeer, en bygevoeg: „kan dit dan nie wees dat ons volgende jaar nader aan 'n duisental staan nie?”

Met die doserende personeel in gedagte het prof. Van der Walt gesê: „Ons wil dit vir hulle makliker maak deurdat ons naderhand ons eie personeel in Vanderbijlpark sal kry”.

MORE JEREPIGO

Vir almal wat Patrick Mynhardt in „A Sip of Jerepigo” gesien het, sal hierdie besonder goeie nuus wees. Verder kry die wat nie die voorreg gehad het nie, nou die geleentheid om Mynhardt se onvergeetlike uitbeelding van Oom Schaik Lourens en ander karakters te beleef.

„More Jerepigo” teken die terugkeer van mnr. Mynhardt in verdere episodes van Herman Charles Bosman se „Cold Stone Jug”, „Mafeking Road” en „Bosman at his Best”. Hierdie nuwe aanbieding het alreeds groot lof uitgelok van sowel kritici as die publiek in Johannesburg en Pretoria.

Die opvoering vind plaas in Potchefstroom op die 28ste Augustus in die saal van die Hoër Tegnieëskool. Besprekings kan gedoen word by Pro-Rege Pers

Beperk sowel in Kerk- as in Tomstraat.

Nog 'n item vir die fynproewer wat voor die deur lê is die besoek van die Weense Seunskoor. Hulle het werklik geen bekendstelling nodig nie en die feit dat hulle in Potchefstroom kom op tree is 'n groot voorreg wat alleen met dank teenoor die betrokke instansies verwelkom kan word.

Die uitvoering vind plaas op die 12de September in die Hoër Tegnieë Skoolsaal en bespreking kan ook by Pro-Rege gedoen word.

Al hierdie vertonings begin om 8 nm.

A.S.B. Kongres

Vervolg van bladsy 3

Alabama het ook 'n vertoning gelewer wat al die Pukke nog meer trots op hulle alma mater gemaak het.

Die besoek aan die bergkelder was in sommige opsigte „leersaam” en die kongres is daarna in 'n opgeruimde gees voortgesit.

Terug op Potchefstroom na 'n busrit van 27 uur was die Pukke dit almal eens dat dit 'n onvergeetlike A.S.B.-kongres was.

'N SEUNTJIE plant 'n perskep en 'n perskeboom kom uit; hy plant 'n appelkoospit en 'n appelkoosboom kom uit. 'n Hond skeur die seuntjie se swembroek en begrawe dit. Raai, raai wat kom toe uit? — Die seuntjie, om te kyk waar sy broek is.

● Raai, raai wat het 'n aap van voor wat 'n padder agter het? — Die letter A.

● En raai, raai hoekom is party klaviere se klawers geel? — Die olifant was 'n kwaai roker.

SEËLKENNER BESOEK PUK

Gedurende die afgelope paar weke het die dinge weer hoog begin vlamvat na die vakansie jolyt. Ek is baie seker daarvan dat die meeste van ons dit besonder geniet het.

Besoek van Pretoria:

Die Filateliste Vereniging het te midde van 'n druk akademiese program op Vrydag 15 Junie, die eerste semester op 'n baie hoë noot afgesluit toe mnr. Herman Steyn (Hoof van die Filatelie Buro, Pretoria) hier besoek afgeleë het om ons 'n een en ander te vertel in verband met seëls.

Mnr. Steyn het onder meer vertel van die ontstaan van 'n seël se ontwerp. Uit die verskillende ontwerpe van 'n aantal kunstenaars word 'n finale keuse gemaak wat dan op die nuwe seël verskyn soos ons dit oor die toonbank te koop kry. Hy het ook verduidelik hoe kleurproewe gedoen word en hoe die seël eindelijk na maande se swoeg en sweet tot die geduld later begin kort raak, sy verskyning maak. Die maande se werk kan soms tot twee jaar gerek word voordat 'n geskikte ontwerp gevind is (soos wat gebeur het met die Wolraad Woltemade seël). Dan kan dit nog gebeur dat die seël „minder suksesvol” is omdat die kelure wat die drukker daarop druk nie ooreenstem met die kunstenaar se keuse nie.

Toekomstige Seëls:

Die Filatelie Buro in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika sal poog om in die toekoms elke vyf jaar 'n nuwe vaste reeks seëls uit te gee. So 'n vaste reeks is 'n reeks soos die huidige uitgawe van die 4c Constantia (Gewelhuys met druivewetors). Suidwes-Afrika se seëls

is deel van die Filatelie Buro se administrasie. Suidwes-Afrika se nuwe vaste reeks verskyn op 1 September 1973. Dit sal 'n reeks van vetplantontwerpe wees soos dit in Suidwes-Afrika aangetref word. Die Republiek se nuwe vaste reeks sal uit 'n groot verskeidenheid bestaan wat die vervoer van pos oor die see, land en lug sal voorstel. Dit sal versinnebeeld word in visse, plante en voëls onderskeidelik. Buiten die vaste reeks sal daar jaarliks ook vyf verskillende addisionele uitgawes wees wat sekere geleenthede of gebeure of iets van uitstaande belang uitbeeld. Die waardes daarvan (4c, 5c en 15c) is onderskeidelik vir gewone-, lug- en buitelandse pos. Die 15c seël sal dus as reklame en propaganda dien en 'n beeld van ons land na die Buiteland uitdra.

Na die leersame toespraak het ons almal gesellig verkeer oor 'n warm koppie koffie. Nog talle vrae is aan mnr. Steyn gestel waarop hy flink kon antwoord. Ons opregte dank en waardering aldus aan mnr. Steyn en andere.

Uitstallings:

Die tweede semester se planne is dan ook in hoogste versnelling. Ons hou vanaf 22 tot 25 Augustus, gedurende die week van Intervarsity 'n tentoonstelling in die Frans du Toit gebou. Temas van verskillende aard en ook werke van mense wat reeds groot toekennings ontvang het sal uitgestal word. Daar sal 'n verskeidenheid van rariteite wees wat seker vir baie van ons bekend sal wees, maar die wat nie weet nie — 'n verrassing, dus kom loer gerus. Die uitstalling sal 'n goeie veld dek van seëls en seëlversameling.

Boesmanskool in S.W.A.

Die hulpprojektkomitee van Korps het die afgelope vakansie 'n Boesman skoolkoshuis en -klaskamer in Suid-Wes in die Gobabis gaan bou.


Die meisies het om die beurt help bou terwyl die ander sendingwerk op verskillende plase gaan doen het. Op een plaas was die resultaat van 'n weeklange preek teen dronkenskap. Boesmanmans wat dronk by die Sondagaanddiens aan gekom het.

Gedurende die twee weke wat hulle daar was is 'n gemiddeld van 10f werksure per dag in die 11 werksdae gehandhaaf. Omtrent 30 000 stene is gelê. Die gebou is 55' x 28' en die klaskamer 28' x 25'. A.g.v. te min tyd kon met die afrondingswerk nie gedoen word nie. Daar was net 15 mans en 9 meisies wat al die werk gedoen het.

Die „bouers” kon nie uitgepraat raak oor die gesorgheid van die Suidwesters nie. Almal is dit eens: „Wir lieben Süd-West!”

Foto onder: 'n Tipiese voorbeeld van hoe hard daar gewerk was

Foto: Fotokuns



MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595



ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek

NETBALSPEELSTERS REG VIR INTERVARSITY

Die P.U. - Netbalspeelsters was hierdie afgelope vakansie baie bedrywig. Gedurende die tweede week van die vakansie (2-7 Julie), het sewe van die Puk-speelsters vir Wes-Transvaal deelgeneem aan die Interprovinciale toernooi te Potchefstroom. Vier speelsters naamlik Tobiana Louw, Triana Roestorf, Marietjie van Loggerenberg (Graatjie) en Vivienne Kruger het vir die A-span gespeel, terwyl Febe Backer, Hantie Kleingeld en Adri Coetzee vir die B- en C-spanne diens gedoen het. Aan die einde van hierdie toernooi het die Suid-Afrikaanse keurders die 30 beste netbalspeelsters van die toernooi aangekondig, waaronder twee Pukke was nl. Tobiana Louw en Triana Roestorf. Dit is werklik 'n groot prestasie as mens in aanmerking neem dat daar oor die 370 netbalspeelsters op die toernooi was. Verder is Tobiana Louw gedurende hierdie toernooi gegradeer as A-skeidsregter en Triana Roestorf en Vivienne Kruger as C-skeidsregters.

Tobiana het Saterdag 28 Julie vir die Springbokke in die eerste toets teen die Engelse toerspan gespeel en is ook weer gekies vir die tweede toets en wel as onderkapteine.

Die S.A.U.-Netbaltoernooi is vanaf 10-12 Julie te Port Elizabeth gehou. Die P.U.K. se eerste netbalspan plus twee reserwes het aan die toernooi deelgeneem.

Die Pukke het baie goed gespeel en was net ongelukkig om teen Kovsies te verloor. Met die ander spanne nl. Tukkies, Maties, R.A.U., U.P.E., Rhodes en Ikeys het hulle egter oortuigend afgereken en so tweede geëindig. Tobiana Louw is gekies as kapteine vir die SAU A-span, terwyl Triana Roestorf reserwe vir die span is.

Die ontvangs by U.P.E. was baie vriendelik en almal het die gasvrye toernooi baie geniet. Almal is dit egter eens dat hulle hulle nie deur die uitslae van die toernooi gaan laat afsit nie, want... INTERVARSITY lê nog voor, en dit belooft om GROOT te wees!!!!



Foto bo: Wes-Tvl. in aksie teen Griekwaland-Wes. Links verskyn Marietjie Loggerenberg, Vivienne Kruger en Triana Roestorf in aksie. Foto: Fotokuns.

TED SCEALES BINNE BEREIK

Vroeg in die vakansie het die nuus ons bereik dat die Natalse Universiteit die veelgeroemde Shimlas uitgeskakel het in die stryd om die Ted Scales-trofee en ook dat hulle die Puk se volgende teenstanders sal wees.

As die Puk die trofee wil wen moet hulle dit vanjaar doen. Die Natallers sal egter een van grootste struikelblokke wees. Hulle beskik oor 'n uiters gevaarlik agterlyn met Geselskrumskakel Brian Borgen en Natalspelers soos Tich Smith, Pierre de Lange, Ronnie Pitcher en die skitterende Daniel Danny Delpont. Om aan die veilige kant te wees moet die Pukke die bal van hierdie spelers af weghou. Hulle het beslis die voorspelers om dit te doen, maar die knoop lê agterlangs. Geen foute kan bekostig word nie en sommige spelers sal beslis hul verdediging moet opknop, daar swak verdediging fa-

taal gaan wees en 'n gulde geleentheid vir die Puk verlore sal wees. Die onus rus op ons agterspelers om werk te maak van hulle swak punte.

Nog 'n voordeel in die Puk se guns lê in die feit dat hulle op hul tuisveld speel en hier om die massa se deel in. Dit is elke Puk se plig om daardie dag op Olënpark te wees om sy span die morele ondersteuning te gee waarsonder geen span sy beste kan lewer nie. Dit help nie om later lustig saam te gesels as die span gekritiseer word nie. As elke Puk daar was het die span dalk veel beter gevaar. Laat ons almal daar wees.

Van die eerste dag af is mooi hardloop rugby gesien. Al die spanne het deurgaans goeie rugby gespeel, maar veral twee spanne verdien spesiale vermelding. Hulle is Stellenbosch, wat al vier sy wedstryde gewen het en die enigste span was wat onoorwonne uit die stryd getree het, en U.O.V.S. wat net een van sy vier wedstryde verloor het. Die wedstryd waarna die meeste mense uitgesien het was dan ook toe die twee spanne mekaar getakel het. U.O.V.S.

wat op een stadium 18-3 voor was, was baie ongelukkig om die wedstryd 19-18 te verloor. Heewel hulle dus teen die Maties verloor het, het U.O.V.S. die meeste punte op die toernooi aangeteken en kan hulle met reg bestempel word as die sterkste span op die toernooi. Die Pukke, wat na hulle eerste wedstryd teen Kaapstad wat hulle met 15-14 verloor het, as een van die swakkere spanne bestempel is, het op die laaste dag uithaler rugby gespeel toe

hulle vir R.A.U. met 18-3 geklop het. Hierdie was een van die beste wedstryde van die toernooi. Die Pukke het goeie konstruktiewe rugby gespeel en die agterspelers het mooi aansluiting gevind by die voorspelers.

Nog 'n aanskoulike wedstryd was die een tussen Natal en Wits. Sowat van hardloop rugby is lanklaas op Potchefstroom gesien en die uitslag van 18-18 was in getroue weergawe van die verloop van die spel.

Uit 'n rugby oogpunt beskou was die toernooi beslis 'n sukses en die gedagte is alreeds uitgespreek om al die eerste spanne van die onderskeie universiteite ook aan so 'n toernooi te laat

Uit 'n rugby oogpunt beskou was die toernooi beslis 'n sukses en die gedagte is alreeds uitgespreek om al die eerste spanne van die onderskeie universiteite ook aan so 'n toernooi te laat deelneem. Verder het die toernooi in 'n goeie gees geskied dank sy die Puk se gasvryheid. Almal het dit baie geniet en sien al klaar weer uit na volgende jaar se toernooi wat deur U.P.E. aangebied sal word.

Interprovinciale Hokkietoernooi

Tydens die afgelope vakansie is die interprovinciale hokkietoernooi te Potchefstroom gehou vanaf 23 Junie tot 30 Junie 1973. Die verskillende provinsiale spanne is in die Impala en Elgro-hotelle en ook in Kasteel-Noord gehuisves gedurende die toernooi.

Saterdagmiddag is die openingsparade gehou waarheen al die vroeër Springbokke ook genooi is omdat dit die 50 jarige bestaan van die S.A. en Rho-

desiëse dameshokkievereniging gehou is.

Wes-Tvl. het die toernooi geopen omdat hulle die tuispan was maar is ongelukkig deur Vrystaat gewen. Van Maandag tot Saterdag is uitstekende hokkie gesien en die volgende Dinsdag is die Springbokspan gekies.

Vrydagaand is die toernooi met 'n dinee in die Elgro-hotel afgesluit en Saterdag die 30ste het S. Tvl. teen Natal uitgespeel om die eerste plek in die toernooi. S. Tvl. het die eerste plek behaal deur Natal 1-0 te wen.

Na 'n baie aangename toernooi het die hokkiespelers Sondag huis toe vertrek.

Farmasie vs. Regte

Die jaarlikse kragmeting tussen Farmasie en Regte is op 2 Augustus deur Farmasie gewen. Die uitslag was 20-12.

ANTJIE KROG BESOEK PUK

Op Donderdag, 26 Junie het mej. Antjie Krog, wenner van die Eugene Marais-prys die PUK besoek as gas van die Letterkundige Vereniging.

Met haar vurige betoog en haar frisse jong mens-styl het Antjie direk tot elkeen gespreek en heelwat reaksie van die Pukke uitgelok. Sy het bepleit 'n heronwaking van idealisme by ons Afrikaners: „Die wêreld-

is miskien 'n treurige plek, maar dit is nie te sê dat alle digters 'crybabies' moet wees nie," het sy gesê, na aanleiding van 'n gedig van Stephan Bouwer.

As Christene bly ons te dikwels lê in ons swaakheid en son-

debesef, in plaas van om met die krag wat ons van bo kry ons mense te inspireer soos ander ideologieë en gelowe dwarsoor die wêreld doen. As mense soos Breyten Breytenbach, wat aan 'n „mislike Oosterse god" glo, idealisme in sy kuns kan toon, mense kan inspireer ens., waarom kan ons as kinders van die Skepper van alle dinge dit nie ook doen nie? Waarom verwerp soveel Afrikaanse digters hul eie en praat smalend daarvan (en kry nog pryse daarvoor!).

Mej. Krog pleit voorts vir die behoud van ons individualiteit. Baie van hierdie probleme skryf sy toe aan die verlies van individualiteit. Die jeug van Duitsland (ook Brittanje en Suid-Afrika) verwerp hul eie letterkunde en musiek en neem die Amerikaanse aan.

„Ek pleit net dat my nasie homself moet bly."

Die Pukke het mej. Krog deeglik met vroe bestoek en ook hul waardering uitgespreek vir die studente-manier waarop sy hulle betrek het en geïnspireer het.



In gesprek oor die positiewe elemente wat nog te bespeur is in ons moderne Afrikaanse poësie en wat ons as Christen-Afrikaners se verantwoordelikheid ten opsigte hiervan is.

uniewinkels
KLEEF U MET TROTS

PUK NEEM OOR IN LANDLOOP



Die Pukke staan saam in 'n stryd om oorwinning tydens die S.A.U. Landloop Kampioenskappe wat gehou was te die Randse Afrikaanse Universiteit.

Foto: Transvaler.

Tydens die afgelope S.A.U.-landloop kampioenskappe op die moeilike baan van die Randse Afrikaanse Universiteit het die Puklandloospan weereens onteenseglik bewys dat hulle een van die sterkste landloopklubs in die Republiek is. Hulle het nie alleen eerste plek ingeneem nie maar het ook in die proses met die gedugste landloospan van die Maties afgereken. Andries Krogman het die individu-

ele titel gewen, met Soois Schutte Piet van der Walt, en Dirk Schoeman in die tweede, derde en vierde plekke onderskeidelik. Die ander twee Pukke, Jorrie van der Walt "wat 12de ge-eindig het" en Danie Lodewyck "wat 20ste ge-eindig het" het dan ook gesorg dat die Pukke vir die tweede keer in 3 jaar die spankompetisie gewen het met 'n hele 70 punte voor hulle naaste teenstander.

**na aksie-
satisfaksie**



vol-ja smaakvol

Pukke wen met hardloop-rugby

DIE PUKKE SE RUGBYTOERSPAN het verlede week met 'n baie goeie rekord uit die Laeveld en Noord-Transvaal teruggekeer. Hulle het drie van hulle vier wedstryde gewen en een met drie punte verloor. Die studente het altesaam 24 drie gedruk en 135 punte teenoor die 44 van hulle opponente aangeteken, 'n gemiddelde van sowat 34-11 per wedstryd. Die drie was gelykop tussen voor- en agterspelers verdeel: twaalf deur elk.

Die bestuurder, mnr. Christo van der Walt is hoogs tevrede met die span se vertonings, veral omdat hulle tipiese studente-hardlooprugby gespeel het.

Philip Burger (22) en Willie de Bruin (21) het die meeste punte aangeteken, terwyl Christo Kotze (5) die bobaasdriedrukker was. Jim van Rensburg, Mackie Venter en James Claassen het elk drie keer die doellyn oorge-steek.

In hul eerste wedstryd het die Pukke 'n uitnodigingspan van die Lowveld Country Club, wat ses provinsiale spelers bevat het, met pragtige hardlooprugby in die grond in gespeel en met 51-12 gewen.

Die enigste neerlaag was in die aandrwydstryd teen Tzaneen, toe die Pukke maar net nie op dreef kon kom nie. Swak skopwerk het verder daartoe bygedra dat die tuisspan die wedstryd met 17-14 kon wen.

Op Potgietersrus het Dries Coetzer die span, ten spyte daarvan dat Danie Oosthuizen die veld weens harsingskudding moes verlaat, tot 'n reuse oorwinning

angevoer. Die plaaslike koerant, "Bosveld Beeld", (20/7/73) het as volg berig:

"Of het die Potgietersrussers dalk gedink hulle speel weer soos 'n paar weke gelede teen 'n koshuisspan van Stellenbosch? was daar nie sprake dat die Potchefstromers in die eerste 15 minute „mak gemaak" word en dan sal Potties die punte aanteken nie? Toe was dit ongelukkig vir Potties so dat hulle in die eerste vyf minute mak gespeel is en 'n pak van 54-7 op die lyf geloop het.

Potgietersrussers, julle kon in die eerste vyf minute gesien het dat die studente studenterugby uit 'n boek speel. Julle kon op-gesom het dat julle gaan verloor."

Op Pietersburg het die Pukke hulle toer afgesluit deur die tuisspan, wat die huidige kampioene in hulle streek is, met 16 punte teenoor 8 getroef in 'n wedstryd wat, behalwe vir 'n pragdrie deur Christo Kotze, nooit juis aan die verwagtinge voldoen het nie.

Verblydend, en miskien die grootste bate van die toer, was

die goeie vertonings van 'n aantal jong spelers. Veral Philip Burger, Johan Strydom, Mackie Venter, Koos Snyman, Osie van Niekerk en James Claassens het sterk na vore getree.

LEEMTE GEVUL

'n Groot leemte is gevul toe die P.U.-muurbalklub hul twee nuwe bane suidwes van Over de Voor in gebruik geneem het. Muurbal, een van die gewildste sportsoorte op die Puk, sal volgens 'n woordvoerder, nou 'n bloeytyd belewe, aangesien die afwesigheid van geriewe nog altyd 'n beperkende faktor was.

Ledegeld is 'n uiters billike R1 per jaar. Binnekort sal 'n stelsel van plekbepreking in werking tree, waaroor lede nog ingelig sal word. Toeskouerge-riewe sal nog aangebring word. Speel muurbal en bly fiks.